

OM TE WANDEL IN KRAG

INHOUDSOPGAWE

Bonatuurlike krag en outoriteit is beskikbaar vir elke gelowige. Dit het in Bybelse tye gebeur en moet nou nog ons norm wees. Dit beteken net dat tekens, wonders en openbaring deel van ons alledaagse lewe moet wees.

1. Wat is die rol van die kerk?
2. Die mantels van die Vyfvoudige Bediening.
3. Geloof vir bonatuurlike krag.
4. Salwing vir bonatuurlike krag.
5. Salwing in evangelisasie.
6. Bekragtiging vir die koninkryk.
7. Doping met Heilige Gees.
8. Persoonlikheid van Heilige Gees.
9. Verseël met Heilige Gees.
10. Seëninge uit die hemel.

WAT IS DIE ROL VAN DIE KERK?

Hebreërs 10:24-25;

'En laat ons mekaar **aanmoedig** om liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos **onvolwasse mense** die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die **laaste dae** sien nader kom'.

Die lokale kerk is die plek waar 'n groep gelowiges bymekaar kom onder die bediening van die leierskap van die kerk.

God is 'n God van orde en hier kan mans en vrouens en kinders bymekaar kom in harmonie. Daar moet net altyd 'n leier wees om die verantwoordelikheid te neem.

So skep die kerk die geleentheid vir elke gelowige om hulle geestelike gawes te ontdek. Hier moet ek ontdek wie ek is en wat ek nodig het om in die bonatuurlike te kan beweeg.

In Hebreërs 10:24 staan:

'Laat ons mekaar aanmoedig om in liefde en in goeie werke te wandel'.

Die doel waarom ons kerk hou is om mekaar lief te hê, mekaar te bemoedig en goed te doen vir mekaar.

Ek lees onlangs in die koerant van 'n twee-jarige dogtertjie en kyk na die foto's van haar blou-geslaande boudjies en gebreekte ribbes. Kerk, wat het hier gebeur?

Het iemand sy frustrasie en liefdeloosheid uitgehaal op 'n onskuldige kind? Hoekom het hy en sy dit aan die kind gedoen?

Daar was net nooit liefde in hulle eie lewens gewees nie. Hulle, as ouers, het self so groot geword. Sonder aanmoediging en vol van verwerping. Wat gaan met hierdie vernielde dogtertjie gebeur?

As sy in haar tienerjare kom gaan hierdie hele proses homself net weer herhaal en gaan sy ander mense behandel presies op die manier waarop sy behandel is.

Wie gaan hierdie proses probeer hanteer?

Die familie, of die welsyn, of dokters of sielkundiges?

Ek glo nog altyd dat die kerk hier 'n baie groter rol moet speel.

Ons moet altyd één ding besef: Jy kan nie iemand anders verander nie! Jy kan slegs 'n rol speel om hom te help om te verander.

Ons kan nog altyd 'n rol speel om mense aan te moedig om te verander en om lief te hê. Al wat ek vandag vir jou kan doen meneer en mevrou, is om jou my liefde te wys en jou aan te moedig om ook te verander. Dis hoekom ons hier kerk hou. Hoe gaan ek jou anders bereik? Kerk hier is so belangrik.

Kyk net om jou nou. Elke heilige wat jy hier sien, het ook 'n verlede wat nie altyd so maklik was nie. Elkeen!

Wat moet ons dan doen? Ons moet krag ontvang van Heilige Gees om te kan getuies wees en ander te kan help.

Ek weet die antwoord is altyd dat hierdie mense nie kerk toe kom nie. Ja, maar as hulle kom, beoordeel ons hulle net op wat ons sien, of is ons werklik begerig om hulle te help? Ons gesindheid speel hier 'n rol. Ek sal dit altyd aanmoedig dat elkeen van ons wat hier sit deur kursusse moet gaan van traumahantering en dat ons almal goeie beraders moet wees.

Die gawes word deur Heilige Gees aan die kerk gegee. Elke gelowig word hierby ingesluit. As jy nou 'n gawe van God ontvang om mense mee te bedien, hoe gaan jy dit doen as jy Sondag by die huis bly? Hoe bid jy vir die siekes of profeteer jy as jy alleen is?

Kerk, God gee aan ons gawes en talente.

Verseker sal Hy eendag vir jou vra wat jy daarmee gedoen het.

Een van die belangrike dinge van die kerk is om 'n atmosfeer te skep waar die Woord van God bedien kan word.

Efesiërs 4:11-13;

'En Hy het gegee sommige as apostels (boodskappers), ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.'

God het Sy gawes en die Vyfvoudige Bediening aan die kerk gegee. Al vyf hierdie bedieninge is nodig om die heiliges mee toe te rus vir hulle dienswerk en vir die opbouing van die liggaam van Christus. Hier kom gee God ook aan elkeen van ons 'n verantwoordelikheid om Sy opdragte uit te voer.

Elkeen het hierdie verantwoordelikheid.

Ek glo dat niemand werklik tot sy volle potensiaal kan ontwikkel buite die kerk nie. Hier moet ons sit en mekaar help voorberei vir die toekoms.

Hoe lyk die eerste kerk? Handeling 2:41-42;

'Dié wat toe Sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring. En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede'.

Om deur die waterdoop van die bekeerde te gaan en om die Heilige nagmaal te gebruik, is die enigste twee ordinansies wat God aan Sy kerk gee. Waterdoop volg altyd op redding en dis wanneer jy in 'n Liefdesverbond met Jesus Christus gaan.

Die Heilige nagmaal is 'n daad wat ons saam doen om nooit te vergeet wat Jesus Christus vir ons gedoen het nie.

Dis ons geleentheid om ons sonde te bedek en genesing vir ons liggame te verklaar.

As ons na bediening in die kerk kyk besef ons dat elke Christen 'n bediening moet hê, met ten minste een of meer gawes. Niemand in die kerk kan nie hiervan deel wees nie. Dis vir almal.

Net so moet dit ons strewe wees om in outoriteit te wandel.

Ons is geroep om die geeste van duisternis teen te staan en beheer oor hulle te neem. Die hele doel is dat Satan geen reg het om enige Christen te kan aanval nie. Dis waarom die Bybel sê: 'Ek gee julle mag oor die krag van Satan'.

Die Koninkryk van God moet in die kerk gevestig word.

Lukas 16:16;

'Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin'.

Sy Koninkryk wat gevestig moet word is God se groot doel op aarde. Die Koninkryk sluit alles in wat geskape is, in die hemele en op aarde. Alles moet onder God se koningskap inkom.

Hoe werk hierdie proses? Die oomblik as jy **wedergebore** (1) is, dring met geweld in die Koninkryk van God in, en dan opereer die koninkryk verder deur ons.

Wat nou gebeur is dat **die Vrug van Heilige Gees** (2) in jou moet werk. Jy moet gevul word met liefde, lankmoedigheid en vriendelikheid en verdraagsaamheid.

Daarna kom die tydperk waar ek **vervul word met Heilige Gees** (3). Sy gawes moet nou in my begin funksioneer.

Al **nege gawes** (4) is nou beskikbaar vir elke geesvervulde kind van God. Daarna kom die tydperk waar **die Vyfvoudige Bediening** (5) in die kerk moet funksioneer.

Vanaf die eerste eeu na Christus is Jesus besig om Sy kerk te bou. Dit was nog altyd die apostoliese funksie in die kerk. Die bouwerk kan alleenlik gebeur deur die apostoliese salwing. In die begin het die apostels van Jesus die eerste stene van die kerk gelê.

Die Here Jesus is die hoof van die kerk en die leiers van die kerk is maar slegs die dienaars wat die instruksies van God volg. Jesus is die enkele leier van die kerk en alle mense is slegs die tweede vlak van leierskap. Jesus bly die Hoofherder.

Die Vyfvoudige Bediening.

Jesus kom en gee die Vyfvoudige Bediening aan die kerk. Dit is nog altyd Sy plan. Hierdie gawes is nog nooit weer weggeneem nie en sal aanhou totdat ons in eenheid begin beweeg. Ons moet besef dat hierdie gawes ons moet voorberei om die Bruid van Christus te word.

Toe Jesus op aarde was het Hy elkeen van hierdie gawes daagliks gebruik in Sy bediening. Die oomblik toe Hy hemel toe gegaan het, het Hy dit vir ons gegee om te voltooi - dit wat Hy begin het. Die gawes wat deur Jesus gevloei het, is presies dieselfde as wat nou vir ons beskikbaar is, want dit is dieselfde Heilige Gees wat dit bewerk. Al hierdie gawes bevat die totale outoriteit wat vandag nog hier in hierdie kerk is.

Dwarsdeur die Bybel kom roep Jesus elkeen van ons. Die oomblik as ons antwoord op Sy uitnodiging, stel Hy jou aan. Heilige Gees kom nou en gee aan jou die vermoë en die salwing. Dit is Jesus se mantel wat op ons skouers val – elkeen van ons!

Hierdie is die gawes, die geskenke van Heilige Gees.
Dit behoort nooit aan die mens nie, dit werk net deur hom.
As ek die gawe van genesing het, is dit tog nie net vir myself nie.
Ek kom gee dit deur Heilige Gees as 'n geskenk aan jou.
Jy ontvang dit nou direk van Jesus – langs 'n pad.

Gawes wat deur Heilige Gees aan mense gegee word is nie die keuse van mense nie, dit kom van God af.

Al die gawes wat ek en jy ontvang kom nie deur die wet nie.
Dit kom direk deur genade. Genade op genade. Ons verdien dit nie!

Die belangrikheid van die Vyfvoudige Bediening is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk. As ons dit saam gaan laat werk, is dit moontlik dat ons in geestelike volwassenheid sal kan beweeg, met die groot doel om eenheid in die kerk te bring.

Kerk, dis absoluut noodsaaklik dat ek en jy hierdie jaar in ons gawes moet instap. Soek daarna en moet nie net ander se gawes begeer nie! Omdat Heilige Gees jou ken, weet Hy wat jy kan doen en waarin jy gemaklik sal wees. Moet asseblief nie probeer om 'n profeet te wees, as Christus jou geroep het om die herder of die leraar te wees nie. Aan die einde moet elkeen van ons rekenskap gee oor hoe ons ons gawes, ons talente, gebruik het.

'n Mens het vyf sintuie in hom, om hom te lei en te beskerm.
Ons kan hoor, sien, voel, ruik en proe – alles om jou te beskerm.
Dieselfde geld vir die kerk. Ons moet in al vyf die gawes loop om die kerk te lei en die kerk te beskerm.

Van die mantels wat alreeds op spesifieke persone rus, kan gawes in jou aktiveer met gebed. Bid dat God vir jou openbaring sal gee hierin.

Laat dit ons voorneme wees hierdie jaar om elke gawe en bediening wat ek moontlik kan kry, te ontvang.

Die kerk en die wêreld het elkeen van ons nodig en wag vir ons.

.....

DIE MANTELS VAN DIE VYFVOUDIGE BEDIENING

Efesiërs 4:11;

'En Hy het gegee sommige as apostels (boodskappers), ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders (pastoraal) en leraars'.

Hierdie vers word gesien as die Vyfvoudige Bediening.

Hierdie bedieninge, of rolle, of mantels, is die ruggraat van die kerk, maar ongelukkig is daar bitter min kerke waarin al vyf die bedieninge funksioneer.

- * As ons in kerk die herdersbediening verwaarloos, verloor ons die vermoë om na die skape om te sien, en kan hulle maklik afdwaal.
- * As ons die mantels van die leraars verwaarloos, sal ons ten gronde gaan agv die gebrek aan kennis.
- * As ons die evangelisasie-mantel verloor, gaan baie siele nie gered word nie.
- * As ons die bediening van die profete verwerp, sal die kerk belangrike visie en aanwysing verloor wat God wil doen en sê vir die kerk.
- * As ons die apostoliese mantel verloor, funksioneer die kerk grootliks sonder rigting, sonder visie, sonder leiding, sonder oordraging van bedieninge, sonder openbaring en vooruitgang van die koninkryk. Daar sal ook 'n verlies wees van bonatuurlike krag en die krag om wonderwerke te doen.

Elke keer as die kerk een van die vyfvoudige bedieninge verwaarloos sal die kerk sukkel omdat God se krag nie ten volle kan manifesteer nie. Ons moet weet dat elkeen so 'n mantel moet ontvang.

Na ontvangs sal jy nog nie werklik direk daarin funksioneer nie. Met tyd sal daar 'n uitstraling van die spesifieke salwing begin gebeur.

Ons moet besef dat al is ons nie apostels nie, ons kan verander die oomblik as 'n apostel in die kerk verwelkom word. Skielik is dit moontlik vir almal in die kerk om nou ook in die apostoliese te vloei, terwyl hy daar is. Dis dan so belangrik daarna dat van ons so 'n mantel permanent moet ontvang, en daarin funksioneer.

Wat is die negatiewe? Ons het al voorheen mense sien vloei in gawes en groot foute maak. Dit mag nie die rede wees waarom ons nou sekere bedieninge moet ignoreer nie. Almal maak soms foute!

Daar is ook altyd 'n ander gevaar vir salwing, en dit is om aan 'n persoon gewoonde te raak. Die gevolg kan wees dat ons dan nie altyd die respek het vir die mantel wat op 'n man of vrou rus nie. Die gevolge van gewoonde raak aan mekaar se mantels is dat, as jy die mantel op iemand te ligtelik opneem, of selfs bevraagteken, jy niks by so 'n persoon gaan ontvang nie.

Kom ons wees versigtig daarvoor.

Daar is altyd 'n vereiste om salwing of 'n mantel te kan ontvang. Daar moet 'n groot begeerte of hongerte in 'n mens wees om die bonatuurlike te ontvang. Om in enige vorm van krag en die vyfvoudige bediening te beweeg, vereis geloof.

Baie persone begin op die pad om 'n mantel te ontvang, maar na een of twee probeerslae wat nie mooi werk nie, verloor hulle geloof en twyfel kom in.

God se krag vloei nou net glad nie. Dit geld ook as jy moet preek, moet profeteer en bv vir siekes moet bid.

Kortom: As iemand nie 'n mantel kán ontvang nie, is hy of sy moontlik nog net nie reg daarvoor nie.

Geloof is altyd nodig vir enige bonatuurlike oefening en daarom werk dit selde in skeptiese mense.

Soms, terwyl 'n mens besig is om te preek, is dit moontlik dat iemand in die gehoor iets in die gees optel en geloof daarin plaas. So 'n persoon kan dan net daar aangeraak word, want die mantel is beskikbaar in die diens. Jy wat preek het nou nie eers nodig om hom die hande op te lê nie, hy het dit klaar ontvang.

Dis so bekend dat mense gered kan word terwyl hulle net in 'n diens sit of selfs so gesond kan word of bevry kan raak.

Geloof bly die faktor.

Hoe kan ek nou die voordele van 'n mantel ontvang?

Ons moet besef dat daar al vir 'n lang tydperk mantels van die apostoliese en die profetiese en van lering hier vloei in die kerk. Ek het opgemerk dat daar al persone hier is wat amper in die volheid van die apostoliese mantel beweeg. Sommige het net 'n gedeelte daarvan en ander het baie min ooit daarvan ontvang.

Psalm 133:2;

'Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere'.

Die vier stappe om salwing te ontvang:

1. Herken die mantel.

Hier moet jy kan sien dat daar 'n mantel op jou leier is. Hy is moontlik die persoon wat God hier geplaas het om jou te help om jou regte erfporse te ontvang. So 'n man of vrou gaan die kanaal wees waardeur die olie op jou moet begin afloop. Jy het nou die geleentheid om in dieselfde salwing as hulle te beweeg.

2. Ontvang die mantel.

Elkeen wat salwing wil ontvang moet so 'n persoon, of hy dalk net 'n besoekende spreker is of jou lokale leier is, verwelkom. Daar moet 'n verwagting daarvoor in jou hart wees.

3. Eer die mantel.

Om die mantel van God op 'n persoon te eer, moet alle eer aan God gaan. Dis tog nie net die persoon wat voor jou staan nie. God ook. Wees eerbieding aan God. Die Bybel sê dat as iemand net 'n beker water aan 'n profeet gee, hy kan deel in die profeet se beloning.

4. Dien die mantel.

Dit beteken om alles te doen om 'n mantel van God te ontvang. Dit beteken om saam met persone te beweeg en hulle lief te hê. Hou op negatief wees en praat. Genesing kom tog van God af, en vloei slegs deur die persoon. Jy kan alleenlik die mantel ontvang as jy persone eer wat alreeds salwing het.

Hoe kan God dus 'n mantel of Sy salwing aan jou gee?

God kan 'n mantel direk aan 'n persoon gee.

So 'n persoon ontvang 'n openbaring van God of 'n bonatuurlike besoek en onmiddellik is daar salwing in sy lewe.

Enige salwing wat jy ontvang het, kan jy maklik verloor indien jy die bonatuurlike begin kritiseer of alle eer net vir jouself wil vat.

Om te glo dat salwing altyd verniet is, sonder om 'n prys te betaal, is verkeerd. Josef het in beheer van 'n land gekom omdat hy deur die pyn van verwydering, vals aanklagtes en slawerny gegaan het, maar altyd getrou aan God gebly het.

Baie van ons wil Josef se mantel en al sy voordele hê, maar niemand is bereid om die volle prys daarvoor te betaal nie.

Die beginsel is dat hoe kan ek iets waarvoor ek vyftien jaar lank gewerk het, net aan iemand gee wat nie bereid is om die prys te betaal nie?

Hoe lyk 'n gemeente waar die apostoliese gees werk?

- * Die gemeente begin om verder as die vier mure te gaan.
- * Die kerk word algaande meer toegerus.
- * Alles begin stadig verander van 'n 'ons kom net bymekaar-gees' na 'n 'kom ons gaan bedien-gees'.
- * Die uiteindelijke doel is om elke gelowige hier te aktiveer en uit te stuur vir dienswerk.

Dit kan alleenlik in 'n gemeente gebeur, as

- * Gelowiges gewillig is dat Heilige Gees hul gedagtes en hulle denke verander.
- * Almal begin besef dat ons seuns en dogters van God moet word.
- * Elkeen besef dat ons in dissipelskap moet instap.
- * Elkeen dié gawe en bediening wat syne is, kan ontdek.

Hoe lyk die kerk wat deur die apostoliese bediening gelei is?

- * So 'n kerk besef dat hulle geroep is om die Eindtyd-bediening te betree. Daar gaan groot klem daarop gelê word om die kerk voor te berei om eendag die Bruid van Jesus te word.
- * Dit begin gewoonlik as die leier van die groep self geroep is om in die apostoliese te beweeg.
- * Die bediening van Heilige Gees is die belangrikste faktor om die hele beweging te bekragtig. Heilige Gees bring lewe en maak mense vry.
- * Die sukses van die apostoliese leiding in die gemeente hang af van die ware profeet se inspraak. Hulle werk hier saam.
- * Die apostoliese gees is 'n pioniersgees – dis nie orals te vinde nie.
- * Hierdie gees hanteer mandate en strategieë.
- * Die apostoliese gees funksioneer nie in die sielsdimensie nie, maar in die gees.
- * Die apostoliese gees gee reëls en moet die kerk bestuur.
- * Dit funksioneer in geestelike oorlogvoering, losmaak en bind en om verklarings te maak, wat dan gebeur.
- * Dit bly die grooste bron van hemelse krag in die kerk.

Laastens: Waarin funksioneer die meeste kerke vandag?

- * Daar is ongelukkig in die profetiese bediening 'n groter honger na krag, as om te wandel in intimiteit met Jesus.
- * Daar is 'n groter begeerte om in salwing te beweeg, as om die Christelike karakter uit te dra.
- * Ongelukkig is daar 'n te groot begeerte om voor duisende op te tree, as om privaat te bid tot Vader in die hemele.
- * Daar is 'n te groot begeerte om ander persone se mantels na te jaag, as om te wag dat God self vir jou die regte een sal gee.
- * Ons soek te min na die Gewer van alle goeie dinge, Jesus Christus.

Om hande op iemand te lê.

Jy kan nie net haastig hande op almal lê nie.

Dit word alleenlik gedoen aan hulle wat 'n werklike hongerte het vir God se bonatuurlike krag.

Die doel is om te identifiseer, te aktiveer en oor te dra.

Ek kan nie iets aktiveer in jou as jy nie God se wil gaan doen nie.

Ek kan ook nie iets aan jou oordra as jy nie bereid is om saam met my te loop nie.

Jy moet besef dat hierdie mantel op jou moet groei soos goeie saad.

Daar is vrae om te beantwoord:

Hoeveel begeer jy die mantel wat God vir jou wil gee?

Hoe lief het jy en eer jy die man of vrou wat jou bedien?

Is jy sterk genoeg om die vervolging te hanteer wat saam met die mantel gaan?

Is jy bereid om kritiek en verwerping daarvoor te aanvaar?

Opsom voordat ek vir jou bid:

Dis belangrik om die huidige beweging van Heilige Gees te onderskei. God is besig om aan te beweeg.

So Hy verwag van jou ook om toegerus te word vir dienswerk.

Ons is geroep en gesalf vir aksie.

Die krag van God is alreeds in ons en op ons .

.....

GELOOF VIR BONATUURLIKE KRAG

Ons sien in Bybelse tye hoe Jesus Sy apostels uitstuur in krag. Hy rus hulle geestelik toe vir hierdie belangrike taak.

Mattheus 10:7-8;

'En gaan preek en sê: Die koninkryk van God het naby gekom. Gaan maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf demone uit. Julle het dit verniet ontvang, so verniet moet julle dit aan ander gee'.

Maar Jesus stuur nou nog elke dag Sy gelowiges uit om te gaan doen presies wat Hy ook gedoen het, met die belofte dat daar groter dinge op ons wag.

Markus 16:17;

'En vir die wat glo in My Naam, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle demone uitdryf en met nuwe tale sal hulle spreek'.

God is God orals. Ek het al in soveel plekke en in soveel verskillende lande gepreek en Hy doen presies dieselfde orals.

Nog nooit het ek gefaal in my opdrag nie. Nie omdat ek spesiaal is nie, maar net omdat ek beskikbaar is vir Hom om te gebruik. Dis so belangrik om vandag te besef dat Hy dit deur elkeen van julle ook wil doen, as jy jouself beskikbaar kan stel.

God wil so graag hê dat elkeen van ons moet besef dat ons geskape is in Sy beeld en daarom kan ons ook doen wat Hy gedoen het.

Dit hang alles daarvan af dat jy 'n baie naby verhouding met Vader moet hê om die volheid van Sy Gees te kan ontvang.

Indien dit gebeur, wil Hy jou ook uitstuur om die Goeie Nuus die wêreld in te neem.

As dit gebeur, sal Hy Sy tekens en wonders saam met jou stuur.

Ons wil jou so graag hier in die kerk help om meer toegerus te wees met hierdie krag. Alle bonatuurlike dinge word deur Heilige Gees gedoen en onder Sy leiding. Hier gaan ons leer hoe om vir mense te bid en hoe om God se krag vry te stel. Dit is altyd belangrik, maar nog meer so as julle blootgestel gaan word aan moeilike omstandighede. Die tyd is nou hier waar julle vir mense gaan begin bid in krag, in outoriteit en in vrymoedigheid.

Ons gaan op die beloftes van God staan vir die siektes, die verwoestes en die soekers na die Waarheid.

Hoe om te begin vloei in die bonatuurlike krag van God.

1. Dis so belangrik dat ons gekoppel moet wees aan die regte Bron van krag: Jesus Christus.

Johannes 14:6;

'Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie'.

Ek moet dit hier noem dat daar ook verkeerde bronne van krag is. Daar is baie wat bonatuurlike krag vind in toordery, goëlery, die okkulte, satanisme, astrologie, horoskope, hipnose, astrale projeksie en alternatiewe godsdienste.

Daar is ook 'n sosiale kragdimensie beskikbaar in dwelms, geld en rykdom, sosiale status en emosionele afwykings.

Al hierdie bronne is verkeerd en almal wat hierin oplossings soek, vind later uit dat dit alles tevergeefs was. Daar is geen oplossing daarin nie.

Daarom: Dis so belangrik om gekoppel te wees aan Jesus Christus, die Gekruisigde. Hy sit nou in die hemel **as** die regterhand van die Vader, in krag, in outoriteit en in heerlikheid. Hy hou aan om elke dag wonderwerke te doen, die soekers na die Waarheid te red en die hele mensdom te verander. Hierdie Jesus wag nou vir jou om in Hom te wees, om soos Hy te wees.

2. Verander jou gedagtes:

Romeine 12:2;

'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle **gedagtes**, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God **vir jou is**'.

Mense, dis so belangrik om jou gedagtes totaal te verander. Ons moet dit doen om God se geaardheid en Sy werklikheid van die hemel af te bring na die aarde toe.

Gedagtes wat nog nie verander het nie, kan onmoontlik God se krag aarde toe bring. As jy dit kan regkry om anders te dink, sal die werklikheid van die bonatuurlike lewe daar wees en sal jy God se teenwoordigheid kan ervaar.

3. Leer om te vloei in krag en barmhartigheid:

Barmhartigheid is die gevoel wat jy ondervind deur iemand anders se pyn. Dit dryf jou om tot aksie oor te gaan en om iets te doen vir die een wat ly.

Hierdie barmhartigheid en om innig jammer vir mense te voel, was die een groot dryfveer in Jesus se bediening.

Die oomblik as Jesus vir iemand innig jammer was, het dit die bonatuurlike in Hom losgemaak en het Hy aksie geneem.

Dit is waarom Hy die werke van Satan kon verbreek.

Om net vir iemand innig jammer te voel, sonder om iets daaraan te doen, is net simpatie. Simpatie alleen kan nie bonatuurlike krag vrystel om dinge te verander nie. Dis net 'n emosionele gevoel. Ons moet elke dag vir Jesus vra om hierdie dimensie in ons vry te stel. Die bonatuurlike krag is nie vir ons nie, dis bedoel om deur ons, ander mense mee te help.

Die bonatuurlike dimensie is 'n ewige toestand.

Dis onsigbaar, dis permanent en dis onveranderbaar.

Dis alleenlik deur geloof bereikbaar.

As ons die bonatuurlike wil beleef, moet ons daarin begin beweeg.

Dis alleenlik moontlik deur: **Geloof, die salwing en die heerlijkheid.**

Geloof: Die eerste dimensie van die Bonatuurlike:

Liewe mense, ek het deur die jare van my mediese werk soveel dramatiese dinge beleef.

Ek het die beseerdes, die verwoestes en die sterwendes soveel keer om genade hoor pleit.

In die kankerhospitaal roep hulle in hierdie tye uit na God toe:

'O my Here, help my! Ek weet ek het my familie teleurgestel.

Ek weet ek was opstandig en hardkoppig. Ek verdien seker nou wat ek kry, maar, Here, vergewe my asseblief!'

Ek het dit soveel keer gehoor! Trane en wanhoop!

Hulle ween oor die leegheid wat in hulle is.

Hulle wou soveel keer verander, maar het nooit geweet hoe nie!

Die vraag wat soms daarna gevra word, is: Het hulle nie genoeg geloof gehad nie?

Mense, as dit suiwer van geloof afhang, sal nie een van ons dit maak nie. Ons moet net leer: Geloof is nie in die toekoms nie, geloof gaan nie eendag wees nie, geloof is nou.

Geloof is die een ding wat gaan bepaal wat die afstand is tussen die natuurlike en die bonatuurlike, tussen die sienbare en die on sienbare. God het nie tyd nodig nie – Hy leef in tyd nou!

Hy het nie dag of nag of naby of ver nodig om Sy krag op mense uit te stort nie.

God kan ons toekoms nou laat manifesteer in ons lewens.

Dis waarom God sê: 'As my kinders kan glo in My Woord (Jesus Christus), kan geen gees van siekte of krankheid hulle aanraak nie!' As ek en jy dit kan glo, kan God jou vanaand gebruik om iemand se lewe permanent te verander.

Mense, ek wil jou leer: Meeste mense weet waar hulle vandaan kom. Sommige weet waarheen hulle op pad is, maar baie min weet wie hulle nou is.

Die oomblik as jy net lewe deur wat jy kan sien, laat die vyand jou fokus op jou probleem, op jou siekte, op jou verslawing en op jou gebondenheid.

Dis waarom God jou die vermoë wil gee om te kan sien wat die verskil is tussen wat jy nou sien, en wat werklik besig is om te gebeur. Moet nie dink almal kan net sien of jy siek is nie. Almal weet ook nie van jou depressie en teleurstellings nie. Nee! Daarom is dit so belangrik dat ons geestelike oë en ore moet oopgaan!

Geloof word gestimuleer deur die onmoontlike.

'n Gelowige wat vol is van God se bonatuurlike geloof is absoluut gereed vir die onmoontlike. Sy geloof word beoefen wanneer hy 'onmoontlike' situasies moet hanteer.

Dis wanneer die sieke voor jou geen mediese toekoms meer het nie. Wanneer die duiwel in mense jou skielik begin uitdaag.

Wanneer almal om jou al moed opgegee het.

Daar moet 'n aptyt vir die onmoontlike in jou gees inkom.

Maak jouself oop daarvoor. God wil dit vir jou gee.

Ons is so geskape!

Ons moet ook nie geloof koppel aan ons sintuie nie.

Wanneer God jou die opdrag gee om iets te doen, is dit soms gladnie wat jy verwag nie. Dit maak net nie sin nie!

Jou vlees kan net nie die oplossing sien nie.

Dis wanneer ons uitroep: My God, wat sien U wat ek nie kan sien nie? Dis wanneer ons in geloof moet optree.

Hoe meer jy in situasies kom wat werklik geloof nodig het, en jy doen dit, verhoog jou vlak van geloof altyd.

As jy bereid is om jou geloof tot die maksimum te gee, sal God dit altyd na nog 'n hoër vlak laat styg!

Dis so belangrik om te weet dat as jou geloof hoër vlakke bereik, beïnvloed dit altyd ander mense om jou ook.

Wat dan is die vlakke van outoriteit?

In die geestes-realm werk alles in vlakke van outoriteit.

Elke persoon in die kerk ontvang 'n sekere hoeveelheid outoriteit.

As hy genoeg geloof het dat hierdie outoriteit deur hom kan werk en hy begin dit doen, styg sy vlak van outoriteit altyd.

As jy vanaand vir my sou vra: Wat dink jy is jou kans om hierdie gebonde persoon te bevry? Ek sal dadelik vir jou sê: 'My kans is 100%'. Waarom? Ek twyfel nie vir een sekonde dat ek dit nie kan doen nie. Ek het soveel geloof daarin, dat mislukking nie eers 'n opsie is nie. Dus begin alles met geloof in jou, dan is die outoriteit dadelik daar om die bonatuurlik te laat gebeur.

Onthou: As die vlak van jou geloof genoeg is om berge te verskuif of om vestings neer te werp, sal die vlak van jou outoriteit dadelik gelyk wees daaraan om dit te kan doen.

Omdat elkeen van ons 'n mate van geloof van God ontvang, sal daar nooit 'n verskoning wees as ons nie daarin optree nie.

Markus 11:22;

'Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God en Sy Woord hê en wat julle uitspreek sal gebeur'.

Dit beteken altyd: Jy moet God se geloof hê. Neem dit op en gaan seën ander mense daarmee.

Dis waarom Petrus vir die verlamde kon sê: 'Goud en silwer het ek nie, maar wat ek het gee ek aan jou. Staan op!'

Onthou: God gee aan elkeen van ons 'n deel van hierdie geloof wat aan Hom behoort. Deur ons menslike natuur is dit onmoontlik om self geloof net op te bou. Ons moet deel word van God se geloof!

Onthou: Die krag van God in die realm van wonderwerke word 'geloof' genoem.

Wat is die grootste vyand van geloof? Twyfel en ongeloof.

Hebreërs 3:12;

'Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose **of** ongelowige hart is nie, en hy daardeur van die lewende God afvallig word nie'.

Ongelowigheid is 'n bose gees wat inkom om my te laat twyfel. Het dit al met ons almal gebeur? Verseker. In my, baie keer! Die enigste Bybelse rede om dit nie te maak nie, is ongeloof.

Romeine 1:17;

'Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe'.

Jy moet van een dimensie van geloof gaan na die volgende een toe. Die sleutel bly daarin om vooruit te gaan deur openbaring van die kennis van God. Dis waarom kennis en geloof altyd saam moet vloei. Daarom is dit so dat as iemand nie geopenbaarde kennis het nie, hy nie maklik na 'n hoër dimensie van geloof sal gaan nie.

Om voortdurend geloof te kan hê in 'nou', moet jy ook openbaring hê in die waarheid.

As ons nou gaan bid, hoe gaan ons God vra vir meer geloof?

'My Vader in die hemel, ek maak nou my hart oop sodat U meer van U dinamiese geloof in my kan plaas.

Verbreek asseblief in my alle ongeloof, alle twyfel en alle argumente teen die waarheid, sodat ek meer wonderwerke kan ontvang.

U het dit aan my belowe in U Woord.

Mag ek van U soveel geloof ontvang dat ek dit weer aan andere sal kan gee.

In Jesus se Naam.

AMEN

.....

SALWING VIR BONATUURLIKE KRAG

Om in geloof te vloei neem jou in die eerste dimensie van bonatuurlike krag. Vandag kyk ons na salwing. (Engels: 'Anointing') Om salwing te ontvang en daarin op te tree, neem jou na 'n hoër dimensie van bonatuurlike krag. Die derde komponent van krag is die heerlijkheid van God.

Wat is salwing?

Salwing wat aan die gelowige gegee word deur God, is vir die vermoë om in bediening te staan en om Hom te dien.

Fisies is salwing die aanwending van olie of salf aan iemand vir die doel om roeping op sy lewe te bevestig.

Dit bekragtig die werk wat Heilige Gees in 'n persoon doen.

Die olie is slegs die sienbare simbool hiervan.

Die persoon wat iemand anders salf tree nou op as verteenwoordiger van God. Dié persoon salf met olie, maar God is die Een wat Sy Heilige Gees stuur. In Bybelse tye sien ons baie daarvan as iemand 'n persoon kom salf het vir 'n spesifieke doel, soos priesters of konings. Nadat 'n persoon die salwing ontvang het, sal hy die vermoë ontvang om 'n spesifieke taak uit te voer.

Salwing is dus God wat werk deur Sy verteenwoordigers op aarde.

In die bediening en gawes word bonatuurlike krag 'heilige salwing' genoem.

Psalm 89:20;

'Ek het Dawid, my kneg, gevind, en met my heilige olie hom gesalf'.

Daar is spesifieke metodes aangeteken in die Bybel hoe om hierdie salwingsolie voor te berei.

Eksodus 30:25;

'En maak daarvan heilige salfolie, 'n salfmengsel soos 'n salfmenger dit maak; heilige salfolie moet dit wees'.

Olyfolie word wêreldwyd gebruik as die basis van baie soorte salfolie. Dit kom uit die olyfboom en is 'n teken van Heilige Gees.

Dit het twee belangrike aspekte:

* Dit is 'n tasbare olie of salf, en kan aan iemand gesmeer word of oor hom uitgegooi word.

* Dit kan deur een persoon aan 'n ander persoon oorgedra word.

Wat gebeur met 'n persoon nadat hy of sy gesalf is?

God wil ons eers salf met Sy heilige olie en ons dan perfek kry sodat ons Sy heerlijkheid kan ontvang.

Daar is te veel mense in die kerk wat uitsluitlik staatmaak op hulle talente. Hulle sal dus met aanbidding en in hulle dienswerk vir God, net halfhartig deelneem. Om voluit te gaan het niks te doen met jou talente nie, maar hoe sterk jou salwing is.

Dis baie bekend dat sekere mense met min talente, God se teenwoordigheid kan bring met bv. aanbidding.

Ek glo dat gawes en talente absoluut noodsaaklik is, maar die hele opdrag is om daarna volkome op die salwing van Heilige Gees staat te maak. Die uiteindelijke doel van Heilige Gees is om die eerste stappe in jou te doen sodat jy later God se heerlijkheid kan ontvang.

Ons het geleer dat ons geloof moet hê om iets in die bonatuurlike te kan doen. Jou geloof het alles te doen met die impak wat jy geestelik maak en met jou outoriteit.

Om nou as 'n groep hoër te gaan het ons mekaar nodig.

Ek het jou impak nodig en so ook jy myne.

Kerk onthou: Wanneer ons dit gaan regkry om al ons gawes te kombineer in eenheid, sal God se heerlijkheid afkom. Anders gaan ons kerk hou en net altyd so aangaan en niks sal gebeur nie.

*** Persoonlike salwing:**

Efesiërs 4:7;

'Maar aan elkeen van ons is die **verbonds-genade** gegee volgens die mate van die gawe van Christus'.

Persoonlike salwing is die mate van die bonatuurlike genade wat God elke gelowige wil gee, om hom toe te rus om sy roeping en dienswerk te doen. God in Sy genade kom gee dit vir jou. Dit hoort ook nie altyd net geestelik te wees nie! Dit kan verseker apostelskap wees of om wonderwerke te doen of om profeties te wees, maar dit kan ook salwing wees om besigheid te doen of om families te herstel of om die gebrokenes te genees.

*** Gesamentlike salwing:**

Efesiërs 4:13;

'Totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus'.

Gesamentlike salwing is die salwing van Heilige Gees wat uitgestort word as almal teenwoordig één word in Christus. Die oomblik as dit gebeur gaan tekens en wonders in die kerk gebeur. Hierdie salwing is baie sterker as net persoonlike salwing.

Daarom sal God altyd wag dat ons in eenheid begin beweeg.

Dit help nie werklik om eenheid te probeer bou as 'n groot deel van die groep aanhoudend twyfel of iets gaan gebeur nie.

Daar moet 'n groot mate van geloof dan alreeds teenwoordig wees.

Dis belangrik om te weet dat salwing op jou lewe ook 'n 'mantel' beteken.

Wat is 'n mantel? In die algemene lewe sien ons 'n mantel as 'n los kledingstuk wat jy oor jou ander klere aantrek of hang.

Dit word dan ook gesien as bedekking of beskerming. ('covering')

Die mantel of die salwing is jou oorkoepelende bedekking terwyl ons in die kerk is. Dis ook 'n aanduiding van die heerlijkheid in jou, jou koningskap, jou innerlike krag en jou posisie in Christus.

Die twee mantels van Jesus:

*** Die mantel van Sy goddelikheid, wat Sy heerlijkheid is.**

Filippense 2:5-7; 'Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit **nie as 'n belediging geag** om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself **leeg gemaak** deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword'.

Voordat Hy aarde toe kon kom, moes Jesus vrywillig Sy mantel van heerlijkheid afhaal. Hy moes homself leeg maak. Hy het aarde toe gekom soos enige ander mens, vervuld geword met Heilige Gees, maar sonder Sy mantel.

Die oomblik toe wonderwerke en kragte deur Hom gevloei het in Sy bediening, was dit 'n bewys dat Hy weer Sy mantel van goddelikheid aangetrek het. God het dit deur Hom kom bevestig dat Hy Sy Seun is.

*** Die mantel van Sy menslikheid, wat Sy salwing is.**

Wat kan ons hieruit leer? Dat Jesus Satan en sy demone oorwin het in die gestalte van 'n gewone mens, maar met die salwing van Heilige Gees. Met Sy salwing het Hy mense genees, demone uitgedryf en dooies lewendig gemaak. Nie as God nie – maar as 'n

gewone mens, vol van Heilige Gees. Nou, as Hy dit kon doen, moet ons dit ook kan doen! Dis wat Hy ons belooft het.

Nou is dit belangrik om te weet: Salwing kom van God af na 'n mens toe. Maar, impartasie of oordraging daarvan, kan gegee word van een mens aan 'n ander, deur God se wil.

Wat kan hier gebeur?

Dit is moontlik dat deur geloof, alle gawes en bedieninge deur die apostoliese of profetiese bediening aan ander persone oorgedra kan word.

Soms kan sekere mense met groot salwing dit gladnie oordra aan ander persone nie. Die grootste rede hiervoor is dat sulke mense nie die vermoë het om verder te sien as hulle self of hulle eie bedieninge nie. Dis belangrik om te weet dat die sleutel om 'n mantel te ontvang van iemand anders af, 'n oop hart moet wees.

Die grootste bewys daarvan lê in die geskiedenis.

Deur die jare was daar mense wat in groot krag kon beweeg en selfs herlewings begin het met tekens, wonders en genesings.

Meeste van hulle het nooit besef dat die salwing en die genade wat hulle ontvang het, eintlik daar was om aan andere te leer en dit aan andere oor te gee en so die kerk toe te rus vir die volgende geslagte nie. Hulle het nooit aan die einde van hulle bedieninge hulle mantels oorgegee aan andere nie. Dit was nog nooit die plan nie!

Die mantel het gewoonlik saam met hulle gesterf.

Hulle sterf sonder om die kerk te leer hoe om te vloei in dieselfde bonatuurlike krag, soos wat Jesus dit aan Sy dissipels gegee het.

Die oordraging van salwing gebeur slegs deur die direkte werking van Heilige Gees. Heilige Gees neem die gawe van een persoon en gee 'n deel daarvan aan iemand wat daarna smag.

Is dit oordraagbaar van een persoon aan 'n ander? JA.

Heilige Gees wat dit oordra, werk direk saam met Gewer van die gawes. Oordraging maak nou dat die gewer en die ontvanger in dieselfde salwing kan beweeg.

Hoe kan so 'n oordraging gebeur?

Deur lering, profetiese woord, die oplegging van hande en selfs deur gesalfde klere of doeke.

Ons ontvang die oordraging wanneer ons 'die gees van die mantel' kan gryp wat op 'n man of vrou van God rus.

In 'n kerk moet al die leiers naderhand in dieselfde salwing as die voorganger beweeg, want almal ontvang dit van hom af.

Wat is nou die doel van die salwing van die apostel?

Jesus het Sy dissipels alles geleer van die Koninkryk om hulle te help om die doel van krag te verstaan. Presies dieselfde is waar met die salwing. Ons moet weet wat salwing is, om daarin te kan beweeg.

Lukas 4:18;

'Die Gees van die God is op My, **omdat** Hy My gesalf het om die Goeie Nuus van God aan die soekers te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryselfd van hart is, te genees.'

Die sleutelwoord is '**omdat**'. Waarom het Heilige Gees op Jesus gekom? Die enigste antwoord is: 'Om andere te seën'.

Waarom is ek en jy vandag deur Jesus geroep om in Sy bediening te staan? **Omdat** Hy wil hê ek en jy moet wonders doen en Hom verhoog.

Wanneer manne en vroue salwing ontvang en hulle gebruik dit net vir selfverheffing en selfpromosie, sal hulle einde pynlik wees. In 'n verwoeste wêreld wil Jesus spesifiek nou die kragte van Satan breek en mense vrymaak van siekte en bindinge. Hy soek na iemand wat die wêreld weer hoop kan gee.

Daar is twee spesifieke tipes salwing wat in mense is:

*** Generasie-salwing:**

Generasie-salwing word oorgedra vanaf geestelike vaders en moeders na hulle seuns en dogters.

Dit gebeur ook wanneer 'n mentor-dissipel verhouding ontstaan. Met tyd sal die salwing oordra van een geslag na die ander soos bv van Moses na Josua en van Elia na Elisa.

*** Spesifieke mantels:**

Hierdie mantels word deur God gegee en direk geplaas op sekere manne of vroue om spesifieke take of 'n spesifieke mandaat uit te voer, vir 'n spesifieke generasie. Wanneer die taak afgehandel is, dra hierdie mantel nie oor nie.

So 'n persoon is koning Dawid. Sy mantel het na sy afsterwe nie verder na sy nageslag of iemand anders gegaan nie.

Wanneer jy 'n spesifieke mantel ontvang, sal God jou altyd kom leer wat Hy spesifiek van jou verwag in jou bediening.

Wees net getrou tot aan die einde toe.

Hoeveel mantels dink julle is nooit volkome opgeneem nie?

Hoeveel het hulle mantels net opgegee toe dinge moeilik was?

Hoeveel het nooit die mantels wat vir hul bestem was, ooit gegryg nie? Soveel mantels van musiek, lering, profesie en oorlogvoering hang nog êrens?

Hoe werk dit nou prakties?

As jy een of twee of drie keer besef dat iets buitengewoons in jou lewe gebeur het, kan dit 'n aanduiding wees van iets wat kan kom. Nuwe mantels word voortdurend deur God beskikbaar gestel vandag. Hou jou oë oop.

Ons moet een ding besef: Jy sal nooit 'n mantel kan gryp as jy aanhou toelaat dat die ou hoedjie van godsdiens en tradisie nog op jou kop sit nie. As jy nog nie bereid is om die oue weg te gooi nie, is jy nog nie reg vir 'n mantel en salwing nie.

Alles gaan nie net vanself gebeur nie – daar is altyd 'n prys om te betaal!

.....

SALWING IN EVANGELISASIE

As ons na evangelisasie kyk dan sien ons 'n wye spektrum van bedieninge. Soms kan dit maklik wees. Somtyds word daar eers vrae gevra en dan vloei dit. Soms kan dit baie moeilik wees.

Die basiese ding om te besef is dat elkeen van ons 'n evangelis in sy eie bediening moet kan wees. Daar moet altyd 'n vermoë in jou wees om met elke geleentheid iemand in die Verbond met Jesus Christus in te lei.

Daar is soveel konvensionele metodes om evangelisasie te doen. Daar is egter mense wat 'n spesiale gawe van Heilige Gees ontvang het om mense se gedagtes om te keer. So 'n persoon kry dit reg om binne minute mense se aandag vas te vang en in hulle lewe in te spreek. Daar is baie voorbeelde soos Billy Graham en Reinhardt Bonnke wat derduisende mense na Jesus gelei het.

Hier by ons het Rodney Seale dieselfde salwing ontvang om dit voltyds suksesvol te kan doen.

Wat beteken dit? Dit beteken suiwer dat sekere mense groter sukses behaal elke dag. Maar, daar is ook geleenthede in ons almal se lewe wat kom waar Christus elkeen kan gebruik om iemand anders te evangeliseer. Spesiale geleenthede waar Sy Gees teenwoordig is om mense te red. Daar is soveel verhale waar mense dit kon regkry om mense om te draai wat lank dit nie wou doen nie.

Kom ek vertel jou van so 'n gebeurtenis.

Terwyl ek in Nieu-Seeland was 'n paar jaar gelede het ons een Sondagoggend kerk toe gegaan in Hamilton. Daardie oggend was daar baie mense en besoekers by die kerk want 'n bekend Maori-meisie sou daar optree en sing. Omdat sy bekend was het daar baie jong Maori's soontoe gekom die oggend. Hulle het agv hulle agtergrond nie Jesus gedien nie. Hulle wou net na haar kom luister.

Toe almal in die kerk sit bring hulle die Maori-meisie vorentoe.

Toe sy op die verhoog stap kom ek agter dat sy blind is. Hulle neem haar tot by die mikrofoon. Daar staan sy toe alleen en begin met die kerk praat. Sy vertel van haar oorwinnende lewe in Christus en hoe sy met haar gebrek en al, Jesus dien. Sy sê toe dat sy wil begin sing en dat almal hulle harte moet oopmaak.

In die mooiste stem begin sy sing: 'Jesus loves me so I know, for the Bible tells me so'. Oor en oor sing sy dit. Sy vra dat almal dit saam met haar moet sing.

Jy sien net trane en almal is aangeraak. Sy maak toe in die middel van die lied 'n uitnodiging dat as iemand voel die woorde beteken vir hom iets, moet hulle vorentoe kom. Huilend en snikkend kom byna elke Maori vorentoe. Groot gebou en sterk. Hulle kom kniel daar voor die verhoog en elkeen neem Jesus snikkend aan!

Daar was so 'n salwing teenwoordig dat niemand dit kon weerstaan nie. Daarna vind ek uit dat dit altyd so is as sy optree!

Wat 'n oggend!

Nou as ons hierna kyk en dit evalueer dan sien 'n mens duidelik dat as jy met groepe werk, jy moet weet wie die sterkman is wat die persone gevange hou. Ons moet mooi kyk hoe Satan in 'n sekere groep optree en hoe hy werk.

Die vraag is altyd: Moet ek soms die outoriteit van God opneem om sukses te behaal? JA.

Moet ek dan sensitief wees vir die spesifieke situasie? JA.

Kom ons kyk daarna: God het die aarde gemaak en die volheid daarvan. Hy skep ook 'n Tuin in Eden en plaas vir Adam daar. Adam en God was één in die Gees en die volle heerskappy van Eden word aan Adam gegee. Hier moes hy heerskappy neem oor al die werke van God se hande as die eerste koning op aarde. Omdat Adam in God was, word hy ook die god van hierdie wêreld.

Adam pleeg hoogverraad en verkoop alles uit aan Satan. Deur sy oorwinning word Satan nou die god van die wêreld.

2 Korinthiërs 4:3-4;

'Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges **in wie die god van hierdie wêreld** die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie'.

Wie is in die wêreld en hoe werk Satan nou nog in die wêreld?

- * Om die evangelie te bedek. Mense sukkel om gered te word.
- * Die ongelowiges.
- * Hulle wie se sinne verblind is.
- * Die hardkoppiges.

Alhoewel Satan die god van hierdie wêreld genoem word, weet ons dat die Bybel praat van die tweede Adam, Jesus Christus, wat ons plaasvervanger geword het. Alles wat Jesus gedoen het, het Hy ter wille van ons gedoen.

Ons moet dit wat ons nou gehoor het neem en 'n toekoms daarop bou. Ons moet nooit ons probleme verplaas na die toekoms toe nie. Dit maak dat ons dink dat ons nie nou hier op aarde in outoriteit kan beweeg nie. Moet nie dink dat Satan hier alles onder sy beheer het nie. Nee! Ons moet onthou dat ons as kinders van God, in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie. Daarom is die evangelie nie vir ons bedek nie, is ons nie ongelowig nie en is ons sinne nie verblind nie. Satan regeer nie oor ons nie. Hy beheer ons nie. Ons kan in teendeel oor hom die botoon voer. Ons het mag oor Satan.

Ons moet dadelik ophou bid: 'Nou, Here, doen asseblief dit en doen asseblief dat. Here, red my!.' Jesus Christus sê vir ons in Mattheus 28 dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is, en dat Hy hierdie mag aan ons oorgedra het.

Al die mag wat op aarde uitgeoefen kan word, moet deur die kerk gedoen word, want hierdie mag is die krag wat aan ons oorgedra is.

Christus is nie meer op aarde nie. Hy sit **as** die regterhand van God in die hemel. Maar, ons die liggaam van Christus is hier. Hierdie mag is oorgedra aan ons. Baie probleme bestaan omdat ons nie ons salwing opneem en eintlik niks aan die saak doen nie.

Die eerste groot geestelik stap na wedergeboorte en die vervulling met Heilige Gees is om te besef dat jy iets moet begin doen.

Die Here sal jou elke dag aanmoedig om te waag. Hy sal vir jou sê: 'Jy moet iets omtrent dit doen'.

Dis so belangrik dat ons soms eers die salwing en outoriteit moet opneem om in sekere gevalle die verskil te kan maak.

Kenneth Hagin skryf hieroor die volgende: Vir baie jare het ek vir die redding van my oudste broer gebid. Hy was die swartskaap van die familie. Ten spyte van my gebede, het dit gelyk asof dit slegter gaan in plaas van dat dit beter sou gaan. Ek het altyd so gebid:

'Here, red hom', maar die Here het my gedaag dat ek iets daar-omtrent moet doen. Die Here het aan my gesê dat ek die mag het.

Dus het ek toe so begin bid: 'In die Naam van Jesus breek ek die mag van Satan oor my broer se lewe, en ek eis sy redding!'

Ek het die bevel gegee. Ek het geweet dat wanneer 'n heerser 'n bevel gee, weet hy dat dit uitgevoer sal word. Satan het aan my probeer sê dat my broer nooit gered sal word nie, maar ek het hom uitgelag en aanspraak gemaak op sy redding. Nie lank daarna het my skoonsuster aan my geskryf dat my broer gered is!

Hier word iemand gered slegs deur die salwing en krag van gebed.

Ek glo werklik dat 'n mens soms in sekere situasies kom waar al die konvensionele metodes om mense te verander, nie altyd werk nie.

Ek moet soms Satan kan teenstaan om 'n verskil te kan maak.

Ons sit nou saam met Jesus, met al die mag wat aan Hom gegee is. Daardie mag behoort nou ook aan ons.

Ons kan daardie mag beoefen wat aan Jesus gegee is, want dit behoort aan ons, deur Hom.

Hier help ons Hom deur Sy werk uit te voer. Ons het nie alleen net gaan sit nie. Let op waar ons sit: **Efesiërs 1:21**:

'Ons sit bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy'.

Dis nie alleen Christus wat sit as die regterhand van die Vader nie, maar ons is ook daar, want Hy het ons saam laat sit. Ons kan nou heerskappy oorneem.

Die Woord van God sê aan ons om Satan te oorwin sodat mense gered kan word. Die oomblik as ons hierdie outoriteit wat aan ons gegee is opneem, sal Satan van ons wegvlug.

Dit is soms die enigste manier om Afrika, die Ooste, Moslemlande en ook hier by ons op te tree. Jy moet in so 'n kragdimensie kan beweeg dat God jou kan gebruik. Jy moet ook weet dat daar teenstand in sulke vergaderings sal wees.

Mattheus het geskryf dat Christus gesê het toe Hy opgestaan het uit die dood, dat alle krag en mag aan Hom gegee is in die hemel en op aarde. (Mattheus 28:18)

Hierdie mag het Hy onmiddelik aan die kerk oorgedra.

Markus 16:16-17; Hier sê Jesus vir ons:

'Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir die wat glo sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf en met nuwe tale sal hulle spreek'.

Dis al hoe ons in sekere plekke die evangelie gaan verkondig.

Die salwing in jou moet die preekwerk doen. Jesus sal hulle red!

Wat gaan die tekens wees as ons hierdie salwing kan opneem?

Die ander vraag is: Het ek genoeg krag in my om nou in iemand se lewe 'n verskil te kan maak?

Ons moet verseker ons manier van bid verander. As ons mense wil inruk in Christus se koninkryk moet ons soms veg vir hulle siele.

Dis so belangrik dat ons self moet leer hoe om Satan teen te staan. Ons het die mag om dit te doen.

Ons sit in hemelse plekke, saam met Jesus. Ons mag is ver bokant alle owerhede en krag.

Jesus kom sê vir ons in **Lukas 10:19**; 'Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Die vyand het te lank op ons getrap. Hy het te lank te veel mense in die wêreld gevange gehou met sy truuks. Dis tyd dat ons opstaan en in outoriteit begin beweeg. Om te evangeliseer is nie altyd 'n piek-niek nie!

Ek het al hier vertel hoe ons in Moslemlande net begin om oor Jesus te praat. Hy kom dan af en bevestig die woorde met Sy krag. Dis soms eers as mense God se krag voel en sien dat hulle gereed is om gered te word. Tekens moet die salwing in jou bevestig. Dis hoe ons Afrika gaan evangeliseer. As ons nie die voorvadergeeste sal kan aanvat nie, sal ons resultate klein wees.

Ons gaan nog soveel keer sien dat God mense gaan gesond maak en dan sal hulle dié God soek en gered word. So, gaan bid vir die ongeredde siekes, en sê vir hulle: 'God will heal you today for the salvation of your soul'.

Ons het twee weke gelede gesien hoe God 'n meisie wat 'n generasie Satanis is, bevry en haar siel red. Sy het hierheen gekom omdat sy probleme het. Om gered te word was nie eers in haar gedagtes nie, maar toe sy daar neerslaan en God sien en voel, is sy bevry en gered.

Laat ons die salwing en outoriteit opneem om in moeilike gevalle redding te sien.

.....

BEKRAGTIGING VIR DIE KONINKRYK

Dis vir ons vandag duidelik dat daar baie meer in God is as wat ons tot dusver in die kerk geleer het.

Kom laat ons die verlede vergeet en voortgaan om in te beur in die toekoms. Die vraag sal altyd wees: Is jy regtig honger vir meer? Ek glo dat wat ons nou gaan sien baie groter is as dit waaroor ons in die verlede gedroom het.

Een van die sleutel dinge wat God vandag wil doen is om ons as gelowiges te bekragtig. Ons moet meer word as wat in die kerk tot vandag toe beskikbaar was.

Ons is die kerk, maar kerk het nog altyd gesukkel om te verstaan hoe die Koninkryk van God gaan lyk en of almal daar gaan ingaan.

Ongelukkig het die vyand ook sy deel daarin gehad om ons harte toe te hou hiervoor. Daar is nog altyd vestings in ons gedagtes oor die bewegings van God se heerlikheid en Sy teenwoordigheid in en om ons lewens. Ons word beperk deur hierdie vestings.

Almal verskil, maar die een vraag bly daar: Wat doen jy vandag met wat God vir jou gegee het? Wat doen jy met wat Hy in jou persoonlike boekrol vir jou gegee het? Onthou: Daar is 'n boek oor jou lewe. God het daarin geskryf wat Hy verwag van ons. Het Hy gevra dat jy deel moet wees daarvan om Sy Koninkryk op aarde te vestig?

Dit gaan nie hier oor wie ons in Jesus is nie. Dis so belangrik dat ons moet weet wie Jesus in ons is? Wat is Hy in jou? Net jou Verlosser? Óf is Hy ook jou voorsiener? Is Hy werklik die Een wat jou krag gee? Baie in die kerk weet dit nog nie. Hulle weet nie hoe lyk die Koninkryk nie en watter rol hulle moet speel nie.

Genesis 1:26; 'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis'.

Johannes 4:24; 'God is Gees en dié wat Hom aanbid moet Hom deur Sy Gees en in waarheid aanbid'.

As ek dus in die beeld van God gemaak is en God is gees, dan moet ek ook gees wees. Ek is 'n gees-wese, wat 'n siel het en in 'n liggaam woon. Ons glo dit net nie!

Omdat ek gees is moet ek beseft dat ek eerstens bonatuurlike dinge moet kan doen. Ek is nie net 'n mens eerste nie.

Elkeen van ons is uit ons ouers gebore as mense.

Maar, die dag toe jy wedergebore is – van Bo af gebore is, is jy gebore van die onverganklike saad – geestelik vir ewig. Jy moet net vervul wees met Heilige Gees.

1 Johannes 5:18; 'Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie **net** sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar **en dissiplineer** homself, en die Bose het geen vat op hom nie'.
Ons moet so kan leef.

Kom ons herhaal hierdie vers: Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is en vervul raak met Heilige gees, homself bewaar en

dissiplineer, en nie net meer sonde doen nie, en die Bose het geen vat op hom nie.

Nadat jy ten volle vervul is met Heilige Gees het Satan geen wettige mandaat om aan jou te raak nie. Ongelukkig neem ons daardie outoriteit nie op nie. Jou geesmens moet na wedergeboorte voortdurend besig wees om jou siel en jou liggaam onder beheer te bring. Dis belangrik, want wat binne in jou aangaan gaan deur jou liggaam uitstraal na buite toe.

Omdat ek 'n geesmens is behoort ek aan 'n geestelike Koninkryk. Ons moet almal in seunskap inbeweeg want God wil hê dat ons moet heers sodat Hy Sy heerskappy op ons skouers kan plaas. Ek en jy is nie gemaak om diensknegte te bly nie. Ons is gemaak om te heers as heersers, konings en priesters! Dis belangrik om te let daarop dat óf die koninkryk van ekself óf die Koninkryk waarin ons ingekoop is, sal uitstraal deur ons lewens. Uitstraling is die fisiese tekens van wat binne in jou is.

Ons rol as konings beteken dat ons moet lewe uit die toekoms. Dawid het van die begin af geweet hy sal in die toekoms die koning word en daarom was hy voorberei gewees vir al die toetse in sy lewe.

Jy moet weet vandag dat jy gemaak is om nie net dood te gaan nie. Dawid het geweet hy sal nie doodgaan nie. Daarom het hy Goliat aangevat. Ons moet ook.

In die kerk is daar vandag baie mense wat demone se name ken en hulle vir alles wat gebeur blameer, maar hulle weet nie eers waar die engele is nie. Hulle weet nie wat engele alles kan doen nie en daar is baie min kommunikasie.

Ons het nie nodig om duisternis eers te soek sodat ek lig kan sien nie! As ek Die Lig gevind het, sal ek die duisternis kan raaksien.

Ons moet besef dat ons die Hemelse Koninkryk kan vestig op aarde. So sal ons die koninkryk in duisternis oorweldig. Dis ook nie die koninkryk **van die** duisternis nie, dis die koninkryk **in** duisternis. Satan kan niks skep nie. Hy kan maar net alleen dit namaak wat alreeds bestaan. Daarom kon hy die duisternis gebruik asof dit die waarheid is en vir die kerk sê dat hulle dit nie kan doen nie.

Wat ons sien is die Koninkryk wat ons gaan erf - die Koninkryk wat ontstaan het deur die kruis en wat Jesus aan ons oorgegee het.

Vader wil die Koninkryk van God vestig om ons, sodat dit deur ons beheer kan word. Ons kan kies om dit te ontvang of weg te wys. Maar, as ek so 'n Koninkryk in my het, moet dit deur my werk en dit moet van binne-in my kom. Daarna sal die heerlijkheid ons volg.

Die groot vraag in die kerk vandag is: 'Hoe groot dink jy is jy?'

Die Bybel sê in **Mattheus 9:29**:

'Laat dit vir julle wees volgens julle geloof'.

Een van die redes waarom die kerk nie in oorwinning leef nie is dat hulle dit nie glo nie! Daar is altyd lippediens maar geen krag van die Koninkryk wat vloei nie. God wil so graag hê dat ons 'n koninkrykslewe moet lei, wat 'n werklikheid is.

Ses stappe hoe om die Koninkryk te ontvang:

1. Stel jousef in om God gedurig te soek.

As jy jousef instel is dit 'n teken van gedetermineerdheid.

Jy stel jousef in om ingeskakel te wees met die Koninkrykbestemming. Nie jou eie bestemming nie, maar Syne.

Efesiërs 2:10; Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

Selfs voor die skepping van die wêreld het jy alreeds ingestem om sake op aarde te hanteer. God en jy het alreeds 'n vergadering gehad en saam so besluit – lank voordat jy gebore is. Daarom staan daar in die Woord dat Hy jou ken lank voor jou geboorte. Jy het 'n bestemming wat in Hom geskryf is voor die fondasie van die aarde. Stel jou dus in om dit wat God van jou verwag in jou lewe, te laat gebeur.

2. Skakel in.

Mattheus 21:22;

'En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo'.

Om verbind en ingeskakel te wees kom deur 'n begeerte.

Dit gaan nie oor my wil nie want my wil is ondergeskik aan God. Dit gaan oor 'n begeerte en dus moet jy ingeskakel word in 'n begeerte. Laat toe dat jou begeertes deur drome verander word.

'n Begeerte kom in jou in oor wat jy droom. Jy droom of sien iets.

Dan kom die begeerte in jou in om dit wat jy gedroom het, nou hier op aarde werklik met jou sal gebeur.

Jy kan byvoorbeeld een nag droom dat jy vir 'n siek persoon bid en hy word gesond. Nou kom die begeerte in om dit regtig te doen.

Jou hart is direk gekoppel aan die realm van jou gees. Die plek van die heerskappy van God wat binne in jou is, maak dit moontlik vir jou liggaam om deur jou hart geprogrammeer te word.

Spreuke 23:7;

'Want soos hy in sy siel bereken (dink wat hy is), so sal hy wees'.

Dit gaan alles oor jou drome en wat jy in die gees sien.

Jy moet jou hart stel om uit die realm van Koninkryk te ontvang en dit sal dan deur jou lewe vloei.

3. Saai in jou eie lewe deur die woorde wat jy spreek en deur jou drome. *Hebreërs 11:1;*

'Geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie'. Wat jy ook al droom in jou hart, sal in jou verstand inkom en volkome word deur jou verbeelding. Dit sal die dinge wees wat jy eendag in jou lewe sal doen, al sien jy dit nog nie vandag nie.

4. Kom in lyn met jouself.

Dit beteken om doelbewus in posisie te kom. Neem jou spesifieke plek op die speelveld in. Ek het een nag gedroom dat ons op 'n rugbyveld hardloop om 'n wedstryd te speel. Ons moes toe ons posisies inneem. Almal staan in 'n bondel en deurmekaar.

Ek staan tussen die spelers en sê vir hulle. 'Kom in posisie in. Jy is 'n slot. Jy kan nie hier heel agter kom staan nie. Staan daar voor dat jy die bal wat afgeskop word kan vang. Die vleuels en die heelagter moet hier staan. Elkeen moet weet waar sy posisie is!'.

Dit beteken nie net om die dinge van God te probeer doen nie.

Maar kom in langs mense wat die heerlijkheid en glorie en begeertes van God alreeds in hulle dra. Kom in lyn met sulke mense en probeer om hulle mantel en wat hulle het, volkome te kan ontvang. Moet nie probeer om soos hulle te wees en soos hulle te bedien nie. Jy soek net die mantel waarin hulle wandel. Daardie mantel moet dan die manifestasie van die Koninkryk van God in jou ook wees.

5. Doen die wil van God.

Jy kan alleenlik die wil van God doen deur ingeskakel te word met die doel van God vir jou lewe en jy kan alleenlik die doel van God doen as jy jouself gestel het. Die een stap volg op die ander.

Die wil van God is dat jy Sy Seun, Jesus, sal manifesteer hier op aarde. Almal wil weet wat die wil van God is: Wel, Sy wil is dat Jesus

moet kan manifesteer deur jou. Dis so eenvoudig soos dit. Hoeveel dit moet wees, of waar dit moet wees en wat dit moet wees hang van persoon tot persoon af.

Wees net vol van genade, van liefde en bring die heerlijkheid van die Hemel in die aarde in. Hoe lyk die Koninkryk van die Hemele hier op aarde? Dit kom as redding, as genesing, as bevryding, wonderwerke en die vrug van die gawes.

6. Vergroot die grense van jou tent.

Al hoe jy dit kan doen is deur openbaring.

In kerke sien ons meestal net die kennis van ander mense.

Daar is net te min manifestasie van die Koninkryk van die Hemele.

God wil aan jou Sy doel openbaar.

Ons almal moet 'n keuse maak: Moet nie gaan vir 'n groot kerk of 'n groot bediening nie, gaan agter die Koninkryk van God aan.

Daar sal vir ons almal 'n tydperk van genade wees vir elkeen om te groei in dit wat God wil hê ons moet wees. Dis Sy genade. ('His grace')

Sy guns in jou lewe is dat Hy jou sal inneem in die Bonatuurlike – in die Allerheiligste in. ('His mercy')

Ware Christenskap is nie net 'n lewe van werk nie, maar om iets te word. Laat toe dat in die begeerte om die heerlijkheid van God te sien, ons kan verander deur daardie glorie, om soos Jesus te lyk.

.....

ONTVANG DIE DOPING MET HEILIGE GEES

Daar is drie dopings waardeur elkeen van ons moet gaan om die volheid van Heilige Gees te ontvang.

Drie punte waarop ons moet let:

1. Die Heilige Gees doop ons in Jesus in – Redding, wedergeboorte.
2. Die dissipels doop ons in water – Water.
3. Jesus doop ons in/met Heilige Gees - Gees.

1. Die Heilige Gees doop ons in Jesus in.

Terwyl ek in 'n ongeredde toestand is, kom oortuig Heilige Gees my van sonde. Nou volg my bekering en Heilige Gees kom en doop ons in die liggaam van Christus in.

1 Korinthiërs 12:13;

"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam".

2. Die dissipels doop ons in water.

Doop in Grieks beteken 'baptiso', wat onderdompeling beteken. Dus om ten volle in water en volkome nat te wees

Mattheus 28:19;

"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het".

Wie kan ons doop? Enige dissipel, leier of vader in die kerk.

3. Jesus doop ons in/met die Heilige Gees.

Is daar 'n verskil tussen no.1 en no. 3? Ja.

No.1 is die doping **deur/van** die Gees. Dit is nodig nadat ons gered is. Ons moet in die liggaam van Jesus ingedoop word.

No.3 is die doping **in of met** die Gees. Om die volheid van Heilige Gees te kan ontvang. Dit ontvang ons slegs as gereddes van Jesus.

Mattheus 3:11; Johannes die Doper wat praat:

'Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur".

Jesus wil ons graag totaal vervul, totaal omring en ons totaal volmaak en toevou met Sy Heilige Gees sodat ons in Hom kan begin beweeg.

Belangrik: Hierdie vervulling met Heilige Gees is in elkeen van die Evangelies.

Daar is maar net enkele insidente wat in elkeen van die vier Evangelies opgeteken is.

Onthou: Mattheus, Markus en Lukas dek net die derde en laaste jaar van Jesus se bediening. Hulle beskryf die geboorte van Jesus.

Na die onthoofding van Johannes die Doper, wat in die derde jaar van Jesus se bediening was, beskryf hulle slegs die insidente in Jesus se laaste jaar.

In 70 nC skryf die apostel Johannes sy Evangelie. Hy is die laaste een van al die apostels wat toe nog gelewe het. Die ander was almal doodgemaak. Hy beskryf die eerste twee jare van Jesus se bediening ook. Daarom beskryf hy dinge wat gladnie in die ander drie Evangelies verskyn nie.

Hy is die enigste een wat skryf oor die troue in Kana, die hele proses met Nicodemus, die vrou by die put, die vrou in owerspel, die blinde man langs die pad en die opwekking van Lasarus.

Dan beskryf Johannes in Johannes 14 tot 16 die hele gesprek en al die insidente by die laaste Avondmaal. Nie een van hierdie is in die ander drie Evangelies nie.

Wat is dan in alvier Evagelies beskryf? Slegs vier dinge.

* Die vervulling met Heilige Gees,

* die dood en * die begrafnis en * die opstanding van Jesus.

Daar word soveel klem gelê op die vervulling met Heilige Gees.

Johannes die Doper sê:

Markus 1:8; "Ek het julle wel **in** water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees".

Lukas 3:16; "Johannes die Doper sê: "Ek doop julle wel **in** water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie—Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur".

Johannes die Doper stel dit anders in **Johannes 1:33;**

"Ek het Hom (Jesus) nie geken nie; maar Hy (God) wat my gestuur het om met water te doop, Hy (God) het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop".

Let op: Heilige Gees daal neer en bly op Jesus.

Tot in daardie stadium het Heilige Gees al opgedaag – ook in die Ou Testament, maar nooit op iemand permanent gebly nie.

Hier kom Hy en bly Hy in Jesus.

Kom ons kyk na die Ou Testament: Ons sien dat Heilige Gees op koning Saul kom, maar nadat hy die foute met die offerhande gemaak het, verlaat Heilige Gees hom weer.

Met koning Dawid se sonde het hy Heilige Gees gehad, maar skielik besef hy dat die Gees hom gaan verlaat. Daarom sy uitroep: "Vader, neem nie U Heilige Gees van my weg nie!"

Ek wil net hier iets verduidelik oor vertalings en aanhalings.

In die oorspronklike Aramese teks was alles aanmekaar geskryf.

Daar was nie al die komma's en punte soos ons dit vandag ken nie.

Kom ons kyk na 'n vers in **Lukas 23:43;**

"En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees".

Vraag: Was Jesus die aand dag met Sy dood in die Paradys? Nee. Hy het eers in die Gees afgedaal ter helle, na drie dae weer lewendig geword en het eers veertig dae daarna opgevaar hemel toe.

Die komma in hierdie vers is op die verkeerde plek. Daar moet staan: "En Jesus sê vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees".

Soveel keer sien ons dat in die oorspronklike teks beskryf hulle 'n gebeurtenis, en vergelyk dit met 'n aardse voorstelling.

Wat sê ek nou? Kom ons kyk na die uitstorting van Heilige Gees:

Handelinge 2: 1-2;

"En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid **soos van** 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het".

Was daar 'n rukwind? Nee. Die geluid wat hulle gehoor het toe Heilige Gees gekom het, het geklink soos 'n rukwind. Daar was geen wind nie. Dit was suiwer 'n voorstelling.

Ons sien later dat Jesus Sy dissipels uitstuur om te gaan bedien.

Hy sê: "Ek stuur julle uit **soos lammers** onder wolwe".

Die ander evangelie sê: "Wees versigtig **soos slange** en liefdevol **soos duiwe**".

Let mooi op die beskrywing in die Bybel: "**soos slange**".

Hulle moes nie eers slange en lammers en duiwe word nie.

Dis 'n beskrywing van iets wat gebeur.

Amper asof dit sê: Julle moet die natuur van Heilige Gees aanneem.

Kom ons kyk weer na **Johannes 1:32, 33;**

"En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees **soos 'n duif** uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.

En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop".

In die oorspronklike Aramese Bybel beskryf Matteus hierdie as:

Mattheus 3:16; "He saw the Spirit of Almighty God **as an eagle**, descending and coming on Him".

Markus 1:10; "He saw the heavens parting and God's Spirit descending on Him **like a loving dove**".

Die klem word ook in hierdie vers op die verkeerde plek geplaas: Daar staan eintlik: 'Die Gees, **soos 'n duif**, daal op Jesus neer'. Daar was geen duif nie, maar die geaardheid van die Heilige Gees, sag soos 'n duif óf vol krag soos 'n arend, daal op Hom neer. Dit was die natuur van Heilige Gees wat op Jesus gekom het.

Dis net in Hollywood waar daar 'n duif was. Die fliek wys dit so. Daarom glo ons so. Wat het toe van die duif geword dink julle? Die Woord sê dat die Heilige Gees Jesus nooit weer verlaat het nie. Waar was die duif dan al die tyd? Op Sy skouer? Lees weer: 'Die Heilige Gees, soos 'n duif, daal op Jesus neer'.

Robert Morris vertel van 'n verhaal waar 'n predikant die saak van die duif wat neerdaal wou beklemtoon. Hulle kry toe 'n jong seun wat bo in die koepel van die kerk gaan sit met 'n duif, en as die predikant sê: "Die Heilige Gees daal neer", moes die seun die duif deur die gat druk om dan daar in die kerk in te vlieg.

Ek wonder net op wie het hy gehoop gaan die duif kom sit.

Maar, die storie gaan aan:

Op die regte oomblik roep die predikant: "En die Heilige Gees daal neer!", maar niks gebeur nie. Hy roep dit toe weer, maar niks gebeur nie. Die derde keer roep die predikant, en die seun antwoord van bo af: "Die kat het die duif gevang, moet ek maar die kat afgooi?"

Jesus is gedoop en vervul met Heilige Gees, wat sag was soos 'n duif, maar ook sterk soos 'n arend.

As Jesus dit nodig geag het om vervul te word met Heilige Gees, hoeveel te meer nie ons nie?

Kom ons kyk weer na die drie woorde:

No. 1: Redding, wat met wedergeboorte gebeur.

No. 2: Water – onderdompeling.

No. 3: Gees – wanneer ons gedoop en vervul word met Heilige Gees.

Is Jesus ons voorbeeld? JA. Het Hy deur hierdie stappe gegaan? JA
Wedergeboorte: Jesus het nie nodig gehad om weer van Bo af gebore te word nie, Hy is van die begin af reg gebore en sondeloos.

Ons is egter as sondaars gebore. Ons moet wedergebore, of "van Bo af" gebore word om perfek te kan word. Nie deur ons werke nie, maar net deur genade.

Ek is daarna perfek in my posisie voor God, soos wat ek staan in Christus. Ek is egter nie perfek in my optredes nie.

Handelinge 1:4; “En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het”.

Hierdie is die heel laaste woorde van Jesus net voor Sy hemelvaart. Let op: Hy gee hulle **’n bevel** om nie uit Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte – Heilige Gees.

Handelinge 1:5;

“Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie”.

Ons almal weet dat in Handelinge 2 het hierdie belofte bewaarheid geword toe Heilige Gees gekom het.

Handelinge 2:37, 38; Petrus is besig om oor dié belofte te praat: “Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang”.

Ons sien weer die drie dopings: Bekering, waterdoop en daarna geesvervulling.

Ons moet altyd onthou dat die doping of vervulling met Heilige Gees is nie ’n spesifieke gawe nie, **dit is** die Heilige Gees.

Was die gawe van die uitstorting van Heilige Gees net vir spesifieke mense? NEE. **Handelinge 2:39;**

“Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is”.

Die Belofte is vir ons almal. Ek en jy en ons kinders.

Laaste skrif: **Handelinge 8:12–17;**

“Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.

vers 14: En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die

Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang”.

Nêrens in die Bybel staan dat jy net gered moet wees nie. Om wedergebore te word maar daarna te twyfel of die waterdoop of die vervulling met Heilige Gees nodig is, is tog nie die vraag nie!

Vraag vir die gemeente: Het jy Jesus aangeneem as jou Redder en Verlosser? Nou, het jy Heilige Gees in Sy volheid ontvang om jou te lei, te help en te leer en jou Sy gawes te gee?

Ons weet dat Heilige Gees inkom met jou wedergeboorte, maar Jesus wil inkom om jou te salf met Sy Gees. Nou kom ons bid en vra Jesus om ons te doop en te vervul met Sy Heilige Gees. Oë toe en hande oop na bo toe:

“Jesus, ek vra U vandag om my te doop met Heilige Gees”.

Draai nou jou hart na Jesus toe. Jy moet dit in geloof ontvang, net soos die dag toe jy wedergebore is. Jy het nie nodig om iets te voel nie. Dit gaan nie oor gevoel nie, maar oor geloof. Maak oop jou hart vir Hom.

Ek vra nou Jesus Christus om my broers en susters te vul met Heilige Gees. Salf hulle met die krag van die Gees. Ek breek elke binding, elke negatiewe gees, die gees van vrees, die godsdienstige gees en die gees van skuldgevoel van die vyand. Kom Heilige Gees vul hulle met krag, met liefde en met getrouheid. Dankie Jesus. AMEN.

Al hierdie moet nou uitvloei om volkome te word: Later in jou lewe moet daar die manifestasie wees van Heilige Gees se teenwoordigheid met die spreek in tale en profesie.

.....

PERSOONLIKHEID VAN HEILIGE GEES

Heilige Gees is die enigste lid van die Drie-eenheid wat op aarde is. Hy is die een wat Jesus vir ons `n werklikheid maak. Hy wil so graag vir jou die Jesus wat jy nog nooit gesien het, kom wys. Hy is die nederigste van die Drie-eenheid van God.

Ons kan op 'n manier uitwerk wie God die Vader en wie Jesus Christus is, maar ons verstaan nie altyd Heilige Gees nie.

Die Drie-eenheid van God kom en skape mens na Sy beeld. So ons moet verstaan dat Heilige Gees, wat Gees is, ook soos ons kan lyk en Hy is oral teenwoordig. Hy kan presenteer met 'n liggaam soos ons s'n, met bene en arms en oë en hande.

Die tyd toe Jesus gebore moes word was dit die werk van Heilige Gees om Hom te bring. Jesus moes gebore word op planeet aarde. Saam met Heilige Gees is die aartsengel Gabriël, die engel van God. Gabriël sê vir Maria: 'Jy sal swanger word en die naam van die kind moet Jesus wees'. Dit is 'Yahuw' of 'Yeshua'.

Maria antwoord dadelik: 'Hoe gaan dit moontlik wees. Ek het nog nie eers 'n man nie en ek is steeds 'n maagd'.

Die engel Gabriël antwoord: 'Niks is vir God onmoontlik nie'.

Hierdie vers: 'Niks is vir God onmoontlik nie' is nie die eerste keer deur 'n mens uitgespreek nie, maar deur die engel van God wat die Godheid ken lank voordat mense geskape is.

Maria sê: 'Laat dit wees volgens wat u sê. Ek ontvang u Woord.'

Wie is Die Woord? **Johannes 1:1**;

'In die begin was Die Woord van God en Die Woord van God was by Almagtige God en Die Woord van God was Jesus Christus'.

Toe Maria gesê het: 'Ek ontvang u Woord', het Jesus Christus reguit as Die Woord in haar baarmoeder ingegaan en die swangerskap het begin. Dieselfde Woord wat gesê het: 'Laat daar Lig wees' het die volgende nege maande gesê: 'Laat daar vlees wees, laat daar bloed wees en laat daar Lewe wees', en dit was so.

Konsepsie was bonatuurlik. Heilige Gees het alles hanteer.

Na nege maande moes die geboorte kom. Die Koning word op aarde gebore – Jesus Christus.

Vandag is Heilige Gees op aarde en niks in die Gees kan sonder Hom funksioneer nie. Hy is die spil waarom alles draai.

Vandag word Hy gebruik in die kerk vir die verkeerde doel.

Dis asof die kerk Hom slegs nodig het as hulle wil preek of bedien en dat Hy maar net sekere dinge vir ons moet kom doen.

Ons moet weet Heilige Gees is baie meer as dit! Hy wil so graag deel van ons wees en in 'n lewende verhouding met ons staan.

Ons weet nie eers hoe om te bid nie en besef nie dat Heilige Gees gestuur is om ons daarmee te help nie. Die fout wat ons maak is dat ons Hom nie nooi om deel te wees van alles in ons lewe nie. Hy moet die Een wees wat ons moet bystaan as ons Bybel lees en bid.

Selfs Jesus het Hom nodig gehad om Sy bediening te begin. Daar is sewe verse in Openbaring wat sê: 'Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê'. Alles op aarde moet luister wat Heilige Gees sê. Hy is so werklik!

Jesus Christus is nou 30 jaar oud en gereed vir Sy bediening. Hy moes gaan sit onder die bediening van Johannes die Doper. Jesus gaan af na die Jordaan om deur Johannes gedoop te word. Daar moes 'n openbare aardse ontmoeting wees met Vader God en met Heilige Gees.

Om gedoop te word is slegs vir gelowiges. Jesus gaan nie in die water in as 'n nuwe bekeerling nie – Hy is deel van die Drie-eenheid van God. Doping in water is vir mans en vroue van God wat ernstig is om op die volgende vlak te kom.

Daar is 'n gaping tussen die laaste boek van die Ou Testament en die Nuwe Testament. 400 Jaar van stilte en God wat nie 'n woord sê nie. Hoekom? God was besig om voor te berei om Jesus Christus na die planeet aarde toe te stuur. Daar moes 'n openlike samekoms wees tussen Vader, die Seun en die Gees. Die enigste manier hoe dit kon gebeur is met die doop in water.

Jesus kon nie Sy bediening begin sonder om gedoop te word nie. Doop in water is nie vir die oningelikes nie. Dit word deur keuse gedoen deur persone wat in 'n Verbond met God wil wandel. Jesus was nie 'n nuwe bekeerling toe Hy gedoop is nie. Doop in water is nie vir baba's nie – hulle moet slegs ingeseën word in die familie van God.

Jesus gaan in die water in en sê vir Johannes: Ek gaan in die bediening in en kan dit nie doen sonder 'n oop hemel nie.

Ons moet besef dat elke kerk immuun moet wees teen die aanvalle van Satan. Maar, ons kerke is slegs louwarm. Hulle maak slegs staat op die salwing van die groep en op die salwing van die voorganger. Maar dit is nie genoeg nie!

Die gawes van die kerkleier en sy salwing is nie genoeg nie.
Jesus was gesalf maar selfs Hy maak nie net daarop staat nie.

Wat gebeur met Jesus toe Hy gedoop word? Daar is altyd twee diere
wat dit aan ons duidelik maak. Die lam en die leeu.

Jesus, die mens is die lam. Christus in Hom is die leeu.
Jesus is gebore 2000 jaar gelede. Christus is nooit gebore nie, Hy is
deel van die Drie-eenheid van God. 'He is the Ancient of days'.

Terwyl Jesus afstap na die Jordaanrivier toe is Hy die lam. Binne in
Hom was die leeu. Die leeu het rustig gewag vir hierdie dag. Met die
onderdompeling in die water staan die leeu op. Die leeu is Christus.
Jesus, die lam is die Verlosser. Die leeu is die Koning van die
konings.

Terwyl Jesus afstap na die water profeteer Johannes en sê: 'Daar is
die Lam van God wat die sonde van die wêreld sal wegneem'.

Heilige Gees lei Jesus direk na die doop in die wildernis in.
Jesus het hier alreeds die sonde van die wêreld op Hom gehad.
'n Groot deel om die sonde weg te neem het nie met die kruisiging
gebeur nie, dit het hier in die wildernis gebeur.

Heilige Gees lei Hom direk na die doop in die wildernis in. Die kruis
is die voltooide werk, die wildernis is waar ons sonde hanteer is.

In Levitikus lees ons van die 'Sondebok'.
Johannes sê duidelik dat Jesus die lam is wat die sonde van die
wêreld moet wegneem. Wie was Jesus daar? Die lam, nie die leeu
nie. Christus is die leeu.

Die lam is die een wat aan die kruis hang. Die leeu is die een wat
later in die graf opgestaan het. 'n Lam kan nie die kerk lei nie, maar
'n leeu kan.

Wat gebeur tydens Jesus se doop? Die Bybel sê: 'Die hemel het
oopgegaan'. Toe die hemele oopgaan kom Heilige Gees af op Jesus.
Direk daarna neem Heilige Gees Hom in die wildernis in. Wat het
Jesus gedra? Die sonde van die wêreld. Dit was alreeds op Hom.

In die Ou Testament sien ons dat die Hoëpriester een maal 'n jaar 'n
lam of 'n bok geneem het. Hy het sy hande op die kop van die bok
gelê terwyl hy die sonde van die volk Israel bely.

Hy plaas simbolies die sonde op die bok. Daarna moes 'n ervare skaapwagter die bok in die wildernis inneem, en hom daar agterlaat. Soos die bok dan daar in die wildernis verdwyn het, so is die sonde van die volk weggeneem.

Jesus as die Lam van God word nou deur die Gees in die wildernis ingeneem om daar die sonde van die wêreld te laat verdwyn.

Jesus kom uit die wildernis uit, gelei in die krag van Heilige Gees. Die gevolge was dadelik – genesing, wonderwerke, bevryding en deurbrake.

Hy is nou die Leeu van Juda en Hy roep uit: 'Die Gees van God is op My'.

Die kruisiging is nou daar. Toe Jesus sterf het Vader Hom verlaat. Jesus, die mens sterf. Christus, die Godheid, verlaat Sy dooie liggaam. Jesus gaan deur die aardbewing in die tempel van Jerusalem in. Hy stap direk in die Allerheiligste in en en sê vir God: 'U is nie nou meer net hulle God nie. U is hulle Vader. Ek het hulle geleer om te bid: Onse Vader.'

Heilige Gees is hier op aarde om God aan ons voor te stel as 'n regtig Pappa – 'n Vader. 'n Vader wat één begeerte het: Om aan ons Sy liefde te bewys.

Heilige Gees is vandag hier om vir jou te vra: 'Mag Ek jou vashou? Kan ons van nou af vriende wees?'

Ons moet weet dat Heilige Gees so werklik is hier op aarde. Hy is hier om ons te leer, ons te lei en die toekoms aan ons te kom wys. Hy wil ons kom leer wat ons gawes en ons bediening is.

Heilige Gees kom om die bediening van Jesus vir ons 'n werklikheid te maak. Hy was ook in Jesus, en het dieselfde met Hom gemaak.

Heilige Gees wil met jou kommunikeer op geestelike vlak.

Hy is die Waarheid, die Helper en die Trooster.

Hy wil jou so graag help om uit jou verlede uit te kom.

Hy wil die hede vir jou 'n werklikheid maak, asook die toekoms.

Hy kan jou gees, siel en liggaam oopmaak terwyl jy slaap in die nag.

Praat met Hom. Vra Hom en Hy sal jou wys. As jy opstaan soggens is al die swaar van gisteraand weg. Hy wil siekte van jou weghou. Iemand het alreeds die prys betaal.

So baie mense het Jesus aangeneem maar weet nog nie regtig wie Heilige Gees is nie. Die lewe wat jy lei is nie 'n fisiese lewe nie, maar 'n geestelike een. Christenskap moet nooit godsdiens wees nie – dit moet 'n verhouding wees.

Die lewe wat ons lei moet nie 'n fisiese lewe wees nie, maar 'n bonatuurlike een. Daar is soveel bonatuurlike dinge wat ek en jy nog moet doen. Voordat ons dit kan doen moet ons weet wie Heilige Gees is. Heilige Gees wil na jou toe kom in jou geestelike lewe. Hy wil kom as jou krag, jou profetiese woord, jou openbaring en Hy wil beheer hê oor jou hart.

Jy moet weet dat jy en Heilige Gees die hele wêreld kan beïnvloed uit jou huis uit – in die Gees.

Die tweede koms van Jesus Christus is op hande. Hy wil Homself aan ons openbaar in hierdie tyd. Hy wil elke aspek van jou lewe beheer, maar kan nie totdat jy Hom nie kans geen nie.

Hy is hier, nie om iets te verander nie, maar Hy wil die manier hoe jy God sien, verander.

Heilige Gees is nou hier om elke deel van jou lewe te beheer.

Hy kan dit egter net doen as jy Hom die reg gee om dit te kan doen.

GEBED:

Vader God, ek het meer van U krag nodig.

Ek het U nodig Heilige Gees. Ek het 'n verbond met U nodig.

Heilige Gees: Ek gee toestemming dat U alles in my lewe beheer.

Ek sukkel met my emosies Heilige Gees. Daar is soveel dae van twyfel en ongeloof. Help my om deur dit te kom Heilige Gees.

Kom leer my hoe om tebid asseblief.

Vader: Aan U kom toe die krag, die heerlijkheid en vrede. In Jesus se Naam bid ons dit. AMEN

.....

VERSEËL MET HEILIGE GEES

Efesiërs 1:13

'In wie julle ook, nadat julle **die Woord** van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die **Belofte**'.

Efesiërs 4:30

'En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is **vir** die dag van verlossing'.

Ek wil graag met julle praat oor die seël.

Ons lewe in bese dae. Jesus sê dit het Hom drie jaar geneem om alles te bou en dit gaan net 'n kort tydjie neem om Sy kerk te mobiliseer vir Sy tweede koms. Hy sê dat net 'n kort tydjie nodig was om die koninkryk van duisternis omvêr te gooi en die wêreld voor te berei vir Sy heerlikheid.

Jesus is nie geïntimideerd oor hoeveel mense nie wedergebore is nie. Hy sal dit alles aan die einde die wêreld verander asof Satan nooit eers in beheer was nie.

Voor daardie tyd sal ons moet leer wat die waarheid is.

Ons lewe in tye waar jy die anti-chris sal sien optree en sy merk - 666 – op mense plaas. Sy seël is die merk van die Dier.

Dit sal op die voorhoofde en op die bokant van die regterhand van mense geplaas word. Dit is strategies so omdat die merk en seël van God op dieselfde plekke aangebring word.

Die eerste mens wat 'n merk gekry het was nie Satan nie, maar Kaïn. **Genesis 4:15;**

'Maar God sê vir hom: Daarom, as enigeen Kain doodsla, sal dit sewevoudig gewreek word. En God het 'n teken gegee aan Kain, sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodsla nie'.

God plaas 'n teken of 'n merk op hom, al was hy 'n moordenaar.

Moses ontvang ook 'n teken van God. Hy was die tweede moordenaar in die Bybel. Hy kry 'n merk van die koninkryk van God.

Eksodus 34:29;

'En toe Moses van die berg Sinai afdaal—die twee tafels van die Getuïenis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal het

Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met God gespreek het nie'. Moses het nie eers geweet dat sy gesig geskyn het nie.

'n Interessante feit is dat as 'n wilde dier 'n mens doodmaak en sy vlees vreet, sal die dier gewoonlik alles eet behalwe die gesig.

Die dier sal die gesig normaalweg nie aanraak nie.

Is dit dalk omdat die teken van God daar moet kom?

In die tye van oorlogvoering teen die Heiliges is daar dinge wat jy oor jouself moet weet. Dinge wat God vir jou gedoen het. As jy bid sal jy kan agterkom dat daar krag in jou gesig is wat God daar geplaas het. As jy in enige tipe geestelike oorlog wil ingaan moet jy weet wat op jou gesig is.

Die merk van God is soos die seël van 'n koninklike familie en hierdie seël word weerkaats op die troon van God. Dit kan net op twee plekke wees: Jou gesig of voorkop en op jou regter hand. Jy moet onthou in sulke tye dat God jou altyd vashou aan jou regterhand.

Dis die groot rede waarom die anti-chris die mense op hul voorkoppe en regter hand wil merk. Dit kan maak dat sy merk die merk van God kan keer.

Die seël van God maak dat jy lyk soos God. Demone het al soveel keer geskreeu as hulle net in aanraking kom met God se seël. Ons moet net weet dat ons nie alleen is op aarde nie. Ons word omring deur bonatuurlike wesens. Demoniese magte het oor 'n baie lang tyd hulle self hier gevestig. Die kerk tot nou toe kon dit net nooit beveg nie agv te min outoriteit.

In Psalm 91 staan dat engele ons sal beskerm op al ons weë. Hulle is ook oral op aarde om na die belange van die koninkryk van God om te sien. As jy ooit wil betrokke raak, moet jy dit net nooit alleen probeer doen nie.

Engele op aarde sal alleenlik betrokke raak in dinge wat hulle alreeds in die hemel gesien het en kennis daarvoor het.

Die een ding wat belangrik is, is die seël van die koninklike koninkryk van die hemele wat op jou voorkop sal verskyn. Dis waarom die Bybel sê dat voordat ons nog bid, het God alreeds geweet en geantwoord.

Daar is defnitief twee soorte gelowiges op aarde. Dié met seëls en dié sonder seëls. Dié met seëls is vervul met Heilige Gees en is ook gereed vir die eindtyd want die Bybel sê ons is verseël vir die dag van verlossing.

Wat op jou voorkop en op jou regter hand is, is die verseling deur Heilige Gees.

Voordat jy bid of in aanbidding gaan, verlig die seël jou om jou sigbaar te maak. Al die engele en Heilige Gees is dan dadelik bewus daarvan dat jy gaan bid en die seël maak 'n tunnel vir jou oop, die hemele in. Hierdie tunnel gaan direk in die troonkamer in, waar die seël oorspronklik vandaan kom. Die oomblik as jy in tale begin praat nooi dit die engele uit om saam met jou te bid.

Nie elke wonderwerk wat Jesus gedoen het, het salwing nodig gehad nie. Sommige het wel. Met ander het Hy slegs 'n woord gespreek. Met ander het Hy Sy hande op hulle gelê omdat Sy hande die seël opgehad het.

Demone is uitgedryf net omdat hulle die seël op Jesus gesien het. Hulle kon deur die seël sien dat Hy die Messias is sonder dat iemand hulle vertel het. Die krag wat in die seël was het dit vir hulle gewys.

Die tunnel wat die seël oopmaak word 'oop hemel' genoem. Toe Jesus die wonderwerk van die vissies en brood gedoen het, het Hy opgekyk in die hemele in. Die seël kon toe die gawes van vermenigvuldiging aktiveer van die troon af.

Die groot probleem vir ons is dat ons dit sien as 'n wonderwerk, waar dit eintlik 'n lewensstyl moet word. Die seël maak dit 'n werklikheid en die lewensstyl volg daarop.

Die seël wat Heilige Gees op jou plaas het die naam van God op hom. Daarom sal elke bouse gees dadelik weet wie jy is. Ek het soveel keer mense met demone net sien begin manifesteer as hulle net naby jou kom.

Die seuns van Skeva was broers wat bevryding probeer het sonder dat die seëls op hulle te was. Hulle is nie gestraf omdat hulle nie die salwing gehad het nie, hulle is gestraf omdat hulle oor 'n koninkryk gepraat het sonder om verseël te wees. Die demone het dadelik gevra: 'Wie is julle?'

As ons in hierdie kerk kan saam opstaan in outoriteit, sal die seëls op ons voorkoppe begin blink en engele sal afkom om by ons te wees. Dan is ons 'n span wat saamwerk. Wat ons dan breek, sal gebreek wees. Wat ons sal bind, sal gebonde wees en wat ons sal seën, sal geseënd wees.

Kom ons kyk na so 'n seëning: ***Numeri 6:24-27;***
'Die HERE sal jou seën en jou behoed;

die HERE sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
die HERE sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën’.

Moses het God ontmoet en sy gesig het helderder as die son geskyn.
Hy het die seël ontvang toe God naby aan hom gekom het.
Die weerkaatsing van God is oorgedra na Moses se gesig toe.
In hierdie laaste dae sal ons God sien optree soos nog nooit tevore nie. Die hele kerk moet in `n plek van genade kom.

Onthou weer: Die eerste persoon met `n merk was Kaïn, `n moordenaar. Die tweede persoon wat `n seël gekry het was Moses, `n moordenaar. So onperfek as wat ons nog is, maak jou paaie met God reg om Sy seël te kan ontvang.

Een van die grootste voordele om verseël te word deur Heilige Gees is dat God skielik vir jou begin sin maak. Daar is so baie tye waar ons deur beproewing gaan en God maak nie meer sin nie. Soms lees ons die Woord maar dit klink net na godsdiens, sonder dat ons iets verstaan. As jy verseël is op jou voorkop begin jou verstand dinge net soveel makliker verstaan.

As ons nou hier in die kerk in die teenwoordigheid van God ingaan, sien Hy ons raak. Hy sal afkom en tussen ons kom bly, in ons aanbidding vir Hom. Hy wil ons nie net kom besoek nie, Hy wil by ons bly. Hy sal daar by die deur inkom, want Hy is `n God van protokol. Hier sal ons verlore raak in Sy teenwoordigheid. Hy wil inkom want ons sal soos Hy lyk. Ons het iets in gemeen.

.....

SEËNINGE UIT DIE HEMELE –

Daar is daaglikse soveel bonatuurlike gebeurtenisse dat selfs gelowiges dink dat dit nie kan gebeur nie. Ongelukkig kan dit veroorsaak dat twyfel in ons kan kom en maak dat ons eie gebede nie beantwoord word nie.

Onthou: Die leer soos in Jakob se leer, se onderpunt staan op aarde op `n spesifieke plek – jou eie altaar. Die bopunt gaan tot in die hemele in die troonkamer van God.

Daar is `n deur wat kan oop of toegaan.

Ons moet altyd beseef dat dinge wat ons glo en doen die poort aan die bopunt van die leer kan beïnvloed.

Ons lees die vergelykenis van die verstandige en onverstandige maagde in Mattheus 25.

In 'n stadium was al tien die maagde aan die slaap toe die geroep gekom het dat die bruidegom aangekom het.

Vyf het genoeg olie by hulle gehad vir hierdie gebeurtenis. Hulle kon hulle lampe volmaak en om middernag vertrek na die bruilofsmaal.

Die onverstandige maagde het nie genoeg gehad nie. Hulle moes dit êrens gaan koop het. Dis snaaks, want verseker was gaan winkel of verskaffer om middernag oop nie. Hulle moes dit êrens gaan soek. Toe hulle aan die einde by die feesmaal aankom, was die deur gesluit. Ons moet meer leer oor hierdie deure.

God beheer die deure of die poorte van die hemele.

Hy beheer ook die vensters van die hemele, die opening in die hemele, asook die engele wat op en af gaan op die leer.

Wat sê Jesus aan die kerk van Filidelfia in **Openbaring 3:7-8**;
'En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het my krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

Die gehoorsaamheid van hierdie kerk het afgehang daarvan om die geestelike krag te behou, om God se Woord te bewaar en om die Naam van Christus nie te verloën nie. As hulle dit kon regkry sou al die gelowiges in die kerk geseënd wees.

Let daarop dat as God oopmaak, niemand dit weer kan sluit nie.

Die teenoorgestelde is ook waar: Wat God toemaak kan mens nooit weer oopmaak nie.

Dit gebeur so baie dat Christus aan die buitekant van ons lewens of in situasies is. Hy probeer so hard om in te kom om met ons te sit, maar ons het die deur vir Hom toegemaak. Jesus het aan die louwarm kerk in Laodicea gesê: 'Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek inkom na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My'.

Hierdie is die deur van ons hart waardeur Hy moet inkom. Ons moet net die poorte van ons geestelike oë, en ons geestelike sintuie en ons geestelike ore oophou sodat ons die geklop kan hoor en die deur kan oopmaak.

Daar is nog iets belangrik: Om enige deur oop of toe te maak benodig ons 'n sleutel. Hier is die sleutel belangrik om te sluit en oop te sluit, om iemand in te kan laat. Bybel sê dis die Sleutel van Dawid.

God sê vir ons dat Hy 'n deur oopgemaak het wat niemand kan sluit nie. Hy sê in Jesaja dat Hy ook die sleutel het vir die 'Huis van Dawid'. **Jesaja 22:22;**

'En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie'.

Dit dui daarop dat Christus al hierdie outoriteit het en dat hy dit alles aan die kerk bemaak het.

As ons bid moet ons God vra om ons deure te help oopmaak.

Dit is al hoe ons dieper in Jesus sal kan ingaan.

Onthou net dat as jy bv aansoek doen vir 'n nuwe werk en jy bid daarvoor, maar die deur gaan nie oop nie, moet jy weet: God het hom gesluit. Heel moontlik om jou te beskerm teen 'n verkeerde besluit.

Nou onlangs was hier 'n gesin by my wat vra ek moet saam met hulle bid vir 'n ander werk. Die man het 'n aanbod gekry om Johannesburg toe te gaan. Dubbel sy salaris, baie meer voordele. Ons het toe in 'n tydperk van gebed daaroor gegaan. Net 'n paar dae daarna kom die man weer terug.

Hy het gevoel dat die deur toegaan en het net kom sê hulle gaan die aanbod nie aanvaar nie. Sy vrou het dit gladnie verstaan nie.

Sy was gereed om te gaan. Haar teleurstelling was groot.

Iemand anders het toe in sy plek gegaan. Twee maande daarna het daardie besigheid bankrot gespeel en almal het alles verloor.

Die man was so verheug dat hy reg gehoor het. God maak nog steeds deure toe.

Kerk: Bid ons dan verniet as ons bid: 'God, laat U wil geskied'?

Kom ons kyk na die Bybel na twee geleenthede waar God 'Nee' gesê het en nie gedoen het wat die mense gevra het nie.

Die eerste voorbeeld was met Moses.

Moses se suster Miriam het voortdurend die vrou wat Moses getrou het gespot en gekritiseer. Sy het haarself verseker oopgemaak vir 'n kritiese gees om haar te beheer.

God het geweet dat verbale kritiek is soos suurdeeg in brood. Dit spreit!

Moses was God se aangestelde profeet en om teen Sy profeet of teen sy vrou te spreek, was om teen God te spreek. Die volgende oomblik tref God Miriam met melaatsheid. Moses was so ontsteld. Hy roep dadelik uit: 'Maak haar asseblief gesond, O God!'

Ons moet hier beseef dat Moses 'n man was wat die Rooisee kon open en net gespreek het en daar was plaas. 'n Man wat God van aangesig tot aangesig gesien het!

Al het hy uitgeroep vir genesing, het God gesê: Nee!

God het eers 'n pad met Miriam geloop om haar te herstel.

Kerk: Wees versigtig as julle sekere manne wat God aanstel in Sy koninkryk aanhoudend loop en kritiseer.

Die tweede voorval: Dit gaan oor koning Dawid.

Dawid pleeg owerspel en Batseba die vrou van Uria word swanger.

Dawid wil sy sondes en skandes wegsteek en laat Uria omkom in die oorlog, sodat hy met sy vrou kan trou.

'n Kind word gebore uit hierdie verhouding. God stuur die profeet Natan om Dawid se sondes te ontbloot.

Natan sê vir Dawid dat sy kind gaan doodgaan as straf vir sy sonde.

Dawid vas vir sewe dae en smee God om sy kind te red. Die hemel se poorte het toegegaan en die kindjie gaan dood. Die verdere straf was dat die oordeel nie van Dawid se huis sou wyk nie. Dit het nie!

Ons moet daarop let dat Moses nie in opstand gekom het oor sy suster se melaatsheid nie. Hy het geweet waarom God 'nee' gesê het. Dawid het ook opgestaan en weer God se geliefde geword.

Ek moet altyd byvoeg: God het Miriam na sewe dae genees.

God het weer vir Dawid 'n seun, Salomo gegee daarna.

God het 'nee' gesê, maar Hy het nog altyd 'n plan gehad.

Mense, vir ewig sal deure oopgaan en toegaan.

Daar is nog altyd twee realms waarin ons moet beweeg.

Ons kan wandel op aarde in die gees, as gees.

Of ons kan net loop op aarde, in ons liggaam en ons siel.
As ons slegs in die sielsdimensie lewe, sal ons nooit die oorwinnende geestelike dimensie beleef nie.

As jy kan onderwerp aan die Koning binne in jou, is alles volkome. Niks sal dan teen jou kan staan nie. Die fout bly dat ons kies om slegs in die siel en in ons emosies te leef. Dis altyd tweede beste!

Mense, daar kan 'n fontein binne in jou wees. Daarom kan Jesus vir ons sê: 'As jy kan drink van die water wat Ek jou gee, sal jy nooit weer dors word nie, want die Fontein is dan in jou.

As ons aanhou om die fontein buite ons te hou, sal jy voortdurend na die fontein toe moet gaan om water te kry. Altyd dors wees.

Somtyds kom ons agter dat die fontein binne-in die kerk geplaas is. Dit maak dat ons nou elke week kerk toe moet kom om bietjie water te kry. 'n Mens kan net vir 'n week hou.

Ons groot uitdaging vir hierdie jaar is om die fontein binne in ons te kry. Nie meer loop met emmers nie, nie meer ure in toue staan om water te kry nie. Wandel in 'n oorwinnende lewe!

Ons moet nooit toelaat dat die Gees – die put vol water – aan die buitekant is nie. Dit beteken dat ons moet kom waar ons nie meer ander mense elke dag nodig het nie. God wil ons genees van die afhanklikheid van ander mense vir oplossings vir ons eie probleme.

Elkeen van ons moet verder 'n waterverspreider word.

As jy die hele tyd bewus is van jou tekortkominge kan jy niemand anders help nie, want jy het niks om te gee nie.

Die tyd van kerk toe gaan net om 'n emmer water te kry moet nou stop. Jy moet hier soveel water ontvang dat jy vir 'n tydperk kan uitgaan om aan ander water te gee . Dit hoe ons die oes gaan inbring. Die Koninkryk van God is in jou!

Om mense se aandag af te trek is een van die vyand se grootste wapens. Elke aanslag op jou tyd, op jou liggaam en op jou emosies is om jou fokus te verbreek. Dit neem jou doel om te bedien weg en dit neem jou oë af van die prys wat jy eendag moet ontvang.

Laat toe dat die hemele weer jou horlosie instel. Rekalibreer alles om jou en herstel jou bewustheid van die bonatuurlike.

Onthou net: As 'n giftige persoon jou nie meer kan beheer nie, sal hulle probeer om ander mense te beïnvloed om teen jou te draai.

Die verkeerde informasie wat oor jou uitgestuur word kan vir jou onregverdig klink, maar bly bokant dit. Moet nie dat dit jou aftrek nie. Hou aan vertrou dat ander mense met tyd die waarheid sal raaksien, net soos jy ook. Alles was eers dof, nou is dit helder. Dis waarom mense nie beseft hoe negatief hulle andere kan maak nie. Net asof dit nie sonde is nie!

Daar stap 'n man straataf, by 'n winkel verby. Op die sypaadjie is 'n man besig om die glas van die groot uitstalvenster te was. Daar is een vuil kol wat hy net nie kan wegstreek nie. Hoe hy ookal probeer, die kol wil net nie uit nie. Selfs seep en water doen niks nie. Toe ontdek hy die probleem. Hy roep na iemand aan die binnekant van die winkel en skreeu: 'Die kol is aan die binnekant!'

Baie van ons probeer om die siel en sy kolle skoon te maak. Hulle was dit met trane van berou, hulle skrop dit met die seep van goeie voornemens, maar die kol verdwyn nie! Die probleem is dat die kol in die binnekant van die siel sit. Niks behalwe die Bloed van Jesus, aangewend deur Heilige Gees, kan die binnekant van die hart skoonmaak nie. Salf jouself met nuwe olie en stap uit!

Ek is werklik elke dag so bewus dat ons net verklarings kan maak, en dit sal gebeur. Dit is 'n nuwe jaar en dit beteken nuwe olie. Wees gereed om in 'n nuwe salwing te begin beweeg. Moet nie hoop dat laas jaar se ou olie nog goed genoeg gaan wees nie. Begin om jou hart na God te draai en begin dinge doen op maniere wat jy nog nooit gesien of ondervind het nie. Gaan uit en brand vars olie. Stap uit saam met my in die 'Nuwe Olie Seisoen'!